# Die is Islām



ح دار الدليل المعاصر للنشر والتوزيع ، ١٤٤١هـ

*فهرسة مكتبة الملك فهد الوطنية أثناء النشر*

باهمام ، فهد بن سالم
هذا هو الإسلام - أفريكاني. / فهد بن سالم باهمام - الرياض ، ١٤٤١هـ
١٥٤ ص ، ٢٢ X ١٥ سم
ردمك: ٣-١-٩١٣٧٣-٦٠٣-٩٧٨

١- الاسلام - مبادىء عامة أ.العنوان
ديوي ٢١١ ١٤٤١/٢٦٢٤

رقم الإيداع : ١٤٤١/٢٦٢٤
ردمك: ٣-١-٩١٣٧٣-٦٠٣-٩٧٨

**Eerste uitgawe**
**2021**

Alle kopieregte,vertaling en elektroniese publikasieis
gereserveer vir die maatskappy van die gids

# Die is
# ISLĀM



- **Is dit nie belangrik** dat jy die prentjie meer duidelik sien oor die mees omstrede godsdiens in die media rondom jou nie?
- **Is dit nie die moeite** werd om vir `n oomblik te reflekteer oor een van die wêreld se mees verspreide godsdiense volgens wêreldstatistiek nie?En self meer uit te vind nie?
- **Vind jy dit nie lekker** om die kulture en filosofieë van ander, in verband met lewe, godsdiens en die heelal rondom ons te ontdek nie?
- **Gee jy jouself** die geleentheid om gedokumenteerde inligting oor die godsdiens van Islām uit sy bronne te vind, en skep dan jou eie gevolgtrekkings volgens jou eie logika nadat jy aansoek gedoen het.

**As jy enigiets belangrik of interessant vind, sal hierdie boek jou help in jou soektog**

# Waar kom die Koran vandaan?

82

'n Logiese vraag kom onmiddellik navore wanneer dit gaan oor die heilige boek van die Moeslieme (die Koran), en Mohammad (Vrede op hom): Hoekom moet ons die weergawe van die Moeslieme aanvaar in verband met die Koran en die profeet Mohammad (Vrede op hom)? Is ons nie geregtig om vrae hieroor te vra nie?



# Inhoud/ Onderwerpe van die boek


Kwellende vrae wat almal het — 12

- Die Islamitiese Geloof
- Die Betekenis Van Die Woord Islām
- Islām Is die Godsdiens van Al Die Boodskappers

Universele Islām — 16

- Omgee vir die omgewing is deel van die geloof
- Godsdiens van kennis
- Islām is inklusief van alle aspekte van mensdom
- Godsdiens van meerdeling en kommunikasie

Een skepper...een God — 30

- Tussen die wet van die natuur en die wet van *Sharī´a*
- Geen priesterdom in Islām
- Is daar 'n spesiale ritueël om in Islām te betree?

Wie is die Profete? — 38

- Menslikheid van die Profete:
- Balans omtrent die status van die profete
- Die posisie van Islām in verband met die profete

Jesus Is een van die Grootste Profete — 42

Wie is die profeet van Islām? — 48

- n Vinnige toer om die boodskapper van Islām ,Mohammed (Vrede op hom) te leer ken

Mohammed (Vrede op hom) is die boodskapper van God in die oë van die wie regverdig is — 54

Uit die verhale van profeet Mohammed (Vrede op hom) en sy morele waardes —— 60

- Beskeidenheid
- Genade
- Geregtigheid
- Liefdadigheid en vrygewigheid
- Sy geduld
- Die profeet (Vrede op hom) het geen waarde aan die materialistiese wêreld geheg nie
- Beloftes na kom

Van die woorde van Mohammed (Vrede op hom) —— 70

Die ewige wonderwerk van Islām —— 76

- Wonderwerke in beskerming
- Grafiese en sielkundige wonderwerke

Waar kom die Koran vandaan? —— 82

- Aanhoudende aantuigings
- Hoekom beskou ons dit nie as die werk van'n meesterbrein nie
- Miskien is dit 'n boek wat geherformuleer is
- Historiese feite
- Die hoofstuk van Inleiding

Wat is aanbidding in Islām? —— 92

- Die pilare van Islām
- Hoekom is daar godsdienstige verantwoordelikheid en toetse?
- Aanbidding *(Ṣalāh)*
- *Zakāh* (Finansiële belasting)
- Vas
- *Ḥajj* (Pilgrimsreis)

Die waarde van familie in Islām —— 108

- Islām dring daarop aan dat huwelik die beginsel van familie lewe is
- Islām gee elke lid van die familie volle respek ongeag die geslag
- Islām stres die die beginsel van waardering en respek vir ouers, en om vir hulle te sorg en tot die dood gehoorsaam
- Die instruksie om geregtigheid te handhaaf tussen seuns en dogetrs wanneer daar op hulle spandeer word
- Om familie bande op te pas,is noodwendig in Islām



# Die waarde van familie in Islām

108

Dit is waar dat baie hedendaagse gesinne net 'n groep individue is met dieselfde sleutels vir een huis!



# Dualisme van godsdiens en verstand

134

Sommige mense is van die opinie godsdiens is gekant teen logika en in konflik met die wetenskaplike metode, volgens hulle is godsdiens n bron van illusies, volk stories en superstisies.

Die posisie van vroue in Islām — 114

- Voorbeelde van wette in verband met respek vir vroue
- Islām het sorg vir vroue beklemtoon
- Daar is geen plek vir geslagskonflik in Islām nie
- Verhouding tussen mans en vroue
- Die aard van die verhouding tussen mans en vroue in Islām
- Wette wat die verhouding tussen vreemde mans en vrouens beheer:
- Hoekom het Islām ḥijāb voor vreemde mans begin noodwendig gemaak?

Die wet van Islām in verband met kos en drank — 124

- Vark
- Alkohol
- Hoe het die Koran alkohol behandel?

Sonde en verginis — 130

Dualisme van godsdiens en verstand — 134

- Die struikelblokke vir behoorlike denke soos geïllustreer word deur die Koran

Islām is die godsdiens van vrede — 140


- Islām is die mees vinnigste verspreidende gosdiens vandag
- Was mense in Islām gedwing?

Islām en die realiteit van sommige Moeslieme — 146

- ‘n Nuwe benadering



# Kwellende vrae wat almal het



Het niemand vir ‘n oomblik in sy lewe gestop om homself te vra nie, wat is die storie, wie is ek, waar het ek vandaan gekom, waarheen is ek oppad, wat is my lot, wat is die doel van almal se bestaan, en hoekom al hierdie uitputting in hierdie wêreld as die einde die terugkeer is na die plek van oorsprong? Almal gaan beslis dood ervaar.

Moeslieme en die mense van die hemelse godsdiense glo dat die menslike lewe, sonder om te glo in die bestaan van 'n regverdige Skepper, en die bestaan van `n lewe waar n goeie persoon sy beloning sal kry, en die sondenaar sy straf sal kry, is vrugteloos en betekenloos. Dit is soos pyn verduur sonder enige rede, en avontuur sonder enige terugkeer en balans.

Die teenstrydighede van die lewe en die wysheid, die konsep van reg en verkeerd kan nie verstaan word nie, tot en wyl ons glo in die God wat ons geskape het nie, die Skepper, die Verlosser en die Regverdige, wat n doelwit in hierdie lewe vir elke persoon geskep het, en elke persoon sal sy aandeel bevind volngens sy dade.

Slegs dan sal ons geloofwaardig word en die begrippe wat ons na hunker, soos regverdigheid, liefde, deernis, eerlikheid,

geduld en genade dan 'n werklikheid word in die persoon, en dan sal dit moontlik word vir ons om die uitdagings wat ons ervaar, met geduld aanpak , en Sy soet smaak met geduld bereik.

Ons vind dat die Koran, die heilige boek van Moeslieme, verwys na dit, waar God ons vertel van die mense van insig en gedagte: *"En hulle besin oor die skepping van die hemel en die aarde, (hulle se) O Heer u het nie die sonder rede geskape nie." (Āl-'Imrān:191)*

> As ons terug gaan na die oorsprong van die woord Islām in die Arabiese taal, dit het vele betekenisse en die volgende betekenisse word genoem, toewyding, voorlegging, gehoorsaamheid, opregtheid, sekuriteit en tevredenheid.

## Die Islamitiese Geloof

Meeste godsdiense word vernoem na `n persoon,'n nasie of 'n land waar hierdie godsdienste na vore kom, soos Christenskap word vernoem na Jesus Christus (Vrede op hom), en die Jode word gebind tot die stam van Juda, en Boeddhisme word gebind met sy stigter, Boeddha, en Hindoëisme word gebind met Indiërs.

Maar Islām word nie geheg tot `n spesifieke man, stam, ras of nasie nie, want dit is nie toegeskryf vir`n spesifieke nasie van mense nie, en dit was ook nie deur mense geskep nie. Sodoende word dit net Islām genoem.

## Die Betekenis Van Die Woord Islām

As ons teruggaan na die oorsprong van die woord Islām in die Arabiese taal, het dit vele betekenisse wat onder andere rondom die volgende betekenisse draai: aflewering, voorlegging, gehoorsaamheid, opregtheid, sekuriteit of gemoedrus.

Islām: is die totale toewyding en gehoorsaamheid aan die Heer ,Skepper en Eienaar,en is vryheid van alle soorte slawerny aan ander ietse.

Dit is die betekenis wat in `n aantal verse van die Koran bevestig is.

Die Koran vertel ons dat die persone wat met hulle harte en hulle hele wese na God draai, hulle self

oorhandig aan Hom, en luister na die opdrae en bevele, en terselfde tyd wegbly van die verbode,hou waarlik vas aan die tou van veiligheid wat nie kan breek nie, en sodoende sal hulle suksesvol wees in alleswat hulle doen. God bevestig in die Koran:*“En daardie persoon wat sy sake oorhandig aan God,en goeie werke doen, dan het hy waarlik aan daardie sterke tou vas geklou. En terug na God sal alle eindes gaan.” (Luqmān:22)*

Islām is die totale toewyding aan God en vryheid van voorlegging aan ander afgode. Die Moesliem is`n opregte persoon in sy aanbidding en hy leef in vrede en versprei ook vrede rodom hom.

Maar is dit wat al die boodskappers gebring het?

## Islām Is die Godsdiens van Al Die Boodskappers.

Die Koran beslis dat al die nasies in verskillende eras boodskappers ontvang het wat die godsdiens van God gepreek het.Die toespraak in die Koran aan die profeet Mohammed (Vrede op hom) sê:”*Ons het jou gestuur met waarheid, goeie nuus en waarskuwings.En daar was nie`n nasie wat nie`n waarskuwer ontvang het nie.”(Fāṭir:24)*

En Islām wat deur die seël van profete (laaste profeet), Mohammed (Vrede op hom), gebring was, meer as 1400 jaar gelede, is in werklikheid ‘n uitbreiding van die godsdiens wat al die profete gebring het.Die Koran beveel Moeslieme om te glo in die wat die voorige profete gebring het,soos Abraham, Isak, Jakob, Moses en Jesus (Vrede op hulle almal).*”Se: Ons glo in Allah en dit wat na ons geopenbaar was,en dit wat aan Abraham, Ishmael, Isak, Jakob en die nageslagte geopenbaar was,en ook dit wat Moses, Jesus en die profete ontvang het van hulle Heer. Ons maak niks onderskeid tussen enige van hulle nie, en ons is onderdanig tenoor Hom.” (Al-Baqarah :136)*

Hoe interessant is dit dat die Koran die gebede bevestig van Abraham, (vader van die profete) en die advies wat Jakob (Vrede op hulle) aan sy seuns gegee het op sy sterfbed toe hy hulle aanspreek:God het die waare godsdiens vir julle gekies,so bly op Islām tot julle dood. *“En Abraham en Jakob het hulle seuns aanbeveel: God het hierdie geloof vir julle gekies, so maak verseker julle sterf as Moeslieme.” ( Al-Baqarah :132)*

Die geloof is ‘n uitbreiding van die geloof van al die profete van God. Die kern van die geloof is dieselfde en het nie verander nie, maar die veranderinge het gekom in die wette en besonderhede soos die tye dit benodig het.Dit was die toestand tot die profeet Mohammed(Vrede op hom) gestuur was as die laaste van die profete, met die doel om die laaste wette vir mens te bevestig.

Dus bevestig die Koran dat die geloof een is, noemlik, Islām. Die verskille wat ons sien tussen die mense van die goddelike gelowe in aspekte van geloof is maar net wanvoorstellings, wat hulle ver van die profete se boodskap neem. Die Koran verklaar:” *Voorwaar, die enigste godsdiens wat by God aanvaar word is Islām.En hulle wat die boek gegee was, nadat die kennis hulle bereik het, slegs uit afguns met mekaar verskil het.En wie die tekens van God verwerp, God is snel in sy afrekening.” (Āl- ‘Imrān: 19)*



# Universele Islām



Dit is interresant dat die woord (Arabiere) nie verskyn in die Koran nie,aangesien die Koran in hulle taal is ,en die feit dat profeet  Mohammed(Vrede op hom) tussen hulle  gestuur was. Ons vind vandag dat die Arabiere is die minderheid van die totaal Moeslieme,en maak maar net 20% van die totale Moesliem populasie op. Die grootste Moesliemland is  Indonesië in die ver suide Oos-Asië, en selfs die Mosliem minderheid van Indië alleen is byna twee keer so groot soos die Arabiese land.

Die godsdiens van Islām het gekom as genade en leiding vir alle mense van verskillende kulture, etnisiteit en gewoontes, ongeag van hul geografiese ligging, soos die Koran bevestig: *”U (Mohammed) was maar net gestuur as `n genade vir die wêrelde ”(Al-Ambiyāh:107)*

Islām bied`n visie van menslike diversiteit aan, op`n manier wat geen ander godsdiens kan nie, en wat die nasies van die wêreld nog nooit beleef het nie.


Oorweeg hierdie Koraniese leiding wat nie net Arabiere en Moeslieme aanspreek nie, maar spreek die hele mensdom met al sy rasse en gelowe aan.*”O mensdom!Ons het julle geskape as manlik en vroulik,en het julle ook gemaak in nasies en stamme so dat julle mekaar erken.Die mees ge eerde persoon is daardie met die mees gosdvriesenheid, waarlik God weet van alles.”(Al-Ḥujarāt:13)*

So die Koran bevestig dat alle mense ongeag van hul velkleur en etniese agtergrond, die afstammelinge van Ādam en Eva (Vrede op hulle )is, en dat die verskille en diversiteit tussen hulle nie voorkeur is nie,maar om mekaar te erken en saam te werk, maar waare krediet en eer is vir die slaaf van God.

Die Koran trek ons aandag na die feit dat verskillende kleure van mense en hulle vorme, verskillende tale en kulture, seënings van God is, en van sy tekens, en is deel van sy wonderlike maaksloon, en maak dit vergelykbaarin sy grootheid en belangrikheid met die skepping van hemel en aarde,en net die mense van kennis en die mense wat daaroor reflek sal dit aandag gee.*”En van Sy tekens is die skepping van die hemele en aarde en die verskille in julle kleure en tale.Waarlik in die is `n teken vir die geleerdes.”(Al-Rūm:22)*

Oor daardie tydstip was dit die grootse en die eerste in die universele verklaring van menseregte, wat gelykheid van vryheid, regte en waardigheid toespreek.Dit is maar

> Islām bied`n visie aan van menslike diversiteit, op so`n wyse wat geen ander godsdiense, en nasies van die wêreld nog ooit beleef het nie.



**Mohammad die boodskapper van Islām**

*O Mensdom,julle God is een, julle Vader is een, die Arabiere is nie beter as die nie-Arabiere, en daar is niks voorreg vir rooi oor swart of swart oor rooi nie, voorreg word gegee vir die persoon met die mees opregtigheid.”(Ahmad:23489*



**Universele verklaring van menseregte**

Dit gee erkenning aan die gelykheid van mense, hul Vryheid, regte en waardigheid

630 — 1948

amptelik in 1948 goedgekeur en was daarna toegepas. Die profeet van God, Mohammed (Vrede op hom ), het dit 1400 jaar terug verkondig in die volgende verklaring:*"Mensdom,julle Maker is een, julle vader is een, daar is niks voorreg vir Arabiere oor ander nie, rooi oor swart nie, swart oor rooi nie, behalwe op die manier hoe hy God vries."(Ahmad:23489)*

## Omgee vir die omgewing is deel van die geloof

Sommige filosofeë beskou mens as die meester van als wat bestaan, wat in ooreenstemming met sy belange en begeertes te werke gaan, sonder afrekenaar of wagter, selfs al lei dit tot die korrupsie van die wêreld of die vernietiging van ander spesies, en in die teenoorgestelde van dit, som filosofeë gee nie mens enige oorhand oor ander nie, en mens word beskou as net nog een uit die miljoene ander spesies wat daar bestaan. Hoe beskou Islām die verhouding tussen mens en die heelal?

Die Islamitiese siening van die verhouding tussen mens en die heelal in sienswys van geloof, en strewe om wette te bevestig om daardie verhouding tussen mense, diere en die aarde reg te stel.

Die eerste kenmerke van die navorsing en filosofie is die verhouding en balans wat die Koran bevestig, dat God het mensdom eer en voorreg gegee oor die res van die maaksloon.*"En Ons het waarlik die kinders van Ādam geër en hulle gedra op land en see, en Ons het hulle voorsien met die suiwerhede, en Ons het hulle laat uitstaan bo meeste van die dinge wat ons geskape het." (Al-Isrā:70)*

En alles wat bestaan is gemaak om mens te bevoordeel. *"Dit is God wat die hemele en aarde geskep het en water uit die wolke stuur en deur middel van dit vrugte voortring. En Hy het skepe dienstig gemaak vir julle sodat julle die see kan reis, en het ook die riviere dienstig gemaak teenoor julle. En Hy het ook die son en maan dienstig gemaak vir julle , en ook dag en nag dienstig gemaak vir julle" (Ibrāhim:32-33)*

Maar dit word ook duidelik gemaak vir ons, dat mens nie die absolute meester van die heelal is nie, om te maak en doen soos hy voel nie, en hierdie status en onderskeiding gee hom nie die reg om die heelal te bederf nie. Dit is die reg van die Skepper, en God het mens as verteenwoordiger geplaas op die aarde, in die sin het Hy hom `n trustee gemaak ,en mens het die reg om die voordeel te gebruik, en Hy het mens beveel om te werk tot sy ontwikkeling, met geen skade of korrupsie aan sy medemens of ander wesens nie.*"En na die Thamud het Ons hul broer Ṣāliḥ gestuur.H y het gesê:O my volk, aanbid God, julle het geen God buiten Hom. Hy wek julle uit die aarde op en laat julle daarin woon. Smeek Hom dus vir vergifnis en bekeer julle tot Hom. My God is Naby, Verhorende." (Hūd:61)*

*"En toe jul God aan die engele gesê het: Ek gaan`n teenwoordige oor die aarde stel. Hulle het geantwoord:Wil U iemand daarin plaas wat kwaad sal aanrig, terwyl ons U verheerlik en U heiligheid prys? Daarop het Hy geantwoord:Ek het kennis van dinge wat julle nie weet nie"(Al-Baqarah:30)*

Die *Sharī'ah* (Islamitiese wette) bevestig honderde wette en voorskrifte om die noue verhouding tussen mens en die heelal reg te stel, byvoorbeeld:

## 1. Sorg vir diere

Talle gesegdes van Mohammed (Vrede op hom) moedig die versorging van diere en hul regte aan,en`n groot beloning in die hiernamaals word verdien vir liefdadigheid aan diere, en inteendeel sal straf ytgewerk word vir die persoon wat diere skade aanrig.

Die eerste organisasie vir diere regte in Brittanje,“The Royal Society for Animal Rights”, was in 1824 gestig, en ook die eerste wet in die die moderne era wat aanvalle op diere in Brittanje kriminaliseer, was in 1949 grodwettig gemaak. Islām het al reeds meer as 14 eeue terug die bogenoemde belet. Talle voorbeelde van die woorde van Mohammed (Vrede op hom), kan herhaal word hier, soos om nie diere honger te laat lei of te te straf nie, of om nie diere te oorlaai en te speel op maniere wat dit seer mag maak nie, of om diere in die gesig te slaan nie.Daar is nog baie ander bekende uitsprake in die boeke van Islamitiese wette.

Miskien sal die leser besef tot watte mate Islām gaan vir dierewelsyn as hy die woorde van Mohammad (Vrede op hom ) lees. Daar was`n prostituut (een van die grootse sondes in Islām) wat `n dors hond water uit haar skoen gegee het, hierdie daad het gelei tot vergifnis vir haar sonde. *(Al-Bukḥāri:3280)*




## 2. Planteversorging

Islām dring daarop aan om plante en landbou te versorg, ongeag as dit vir persoonlike nut is, of vir ander mense of maaksloon.

Mohammed (Vrede op hom ) het gesê in verband met die persoon wat landbou plant, of hy neem deel in landbou wat voordeelig is, en die voëls, mense ,of diere wat daarvan eet, daardie persoon sal beloon word vir sy liefdadigheid. *(Al- Bukḥāri :2320)*

Die geliefste Profeet (Vrede op hom) roep Moeslieme in die swaarste omstandighede om te sorg vir die natuur, en om die land te bewerk en ontwikkel deur landbou, al is die persoon verseker dat daar niks voordeel sal kom daarvan nie. Mohammed (Vrede op hom) het gesê dat al het`n persoon net een saad, moet hy dit gou plant om beloning te kry op die dag van afrekening. *(Ahmad:12981)*

Mohammad (Vrede op hom) het die ontwikkeling van land een van die werkslone gemaak selfs in die mees omstrede van situasies.

## 3. Sorg vir Natuurlike hulpbronne

Islām beklemtoon die veilig bewaring van die omgewing, en moedig ons aan om nie natuurlike bronne te mors en besmet nie, en bied`n inklusiewe program vir mense, wat gebaseer is op die beginsel:"Om die probleem te voorkom, is beter om dit te behandel."


- Dit is belet om natuurlike bronne te mors, en reg bo op daardie lys is die mors van water, selfs as dit gebruik word vir die doel van aanbidding na God deur middel van ablusie (waar spesifieke dele van die liggaam gewas word voor gebed).
- Islām belet mense van mag en invloed om eienaarskap te eis oor natuurlike bronne, want dit mag lei tot skade aan ander. Eienaarskap van water, vuur (as n bron van energie), en weiding(voorbeeld van kos)is ook verbode. *(Abū Dawūd:3477)*

> Om die omgewing te versorg en by te dra tot die suiwering van besoedeling, is deel van die geloof, soos die boodskapper van Islām bevestig

- Alles wat die omgewing bederf is ook verbied.Voorbeelde van hierdie: dit is verbode om te urineer in stilstaande water en sodoende die water te besmet. Dit is ook belet om n behoefte te vervul in skadu en paaie, aangesien daar mense beweeg in die paaie en rus in die skadu.

Die bogenoemde voorbeelde vorm deel van die godsdiens en die profeet (Vrede op hom) beskou die beskerming van die omgewing nie net as`n goeie daad nie, maar as deel van die geloof. *(Muslim:35)*





## Godsdiens van kennis

Die eerste instruksie van die Koran aan die Profeet (Vrede op hom) was, ‘Lees!’en dit was nie toevallig nie, maar opsetlik, en daar word sterk melding in die Koran en in die woorde van profeet Mohammed (Vrede op hom) dat Islām alle voordelige kennis ondersteun. Selfs die pad van die Moesliem student om kennis op te doen sal lei na hemel. Soos Die Profeet bevestig het in die volgende verklaring : *” Wie`n pad wandel om kennis te soek, God sal sy pad na Hemel maklik maak.” (Muslim:2699)*

In`n wonderlike vergelyking deur die profeet (Vrede op hom) waar Hy sê: *”Die geleerde persoon se rank oor die persoon wat God aanbid, is soos die rank van my (Die Profeet) oor die res van mensdom.” (Tirmidhi:2685)*

Dit is bekend dat Islām nie ‘n oorlog tussen godsdiens en kennis sien , soos in ander godsdienste nie, en wetenskaplikes het nie sekere gevolgtrekkings van die wetenskaplike aard gehad soos in die donker eeue nie, inteendeel godsdiens was die lamp vir wetenskap, en het dit ondersteun, en het mense aangemoedig daarna, om te leer en om anders te leer. Moskees was bakens van kennis en geleerte, solank dit goed was vir mensdom

Dit is dus nie verbasend dat die meeste Mosliem natuurwetenskaplikes hul lewens begin het deur die Koran te leer en te memoriseer nie. Die diep begrip in godsdiens het tot hulle sukses in hul onderskeie velde en spesialiteite gelei.

God het die onderwyser van goed vereer, en toon die hoogste graad van respek aan vir daardie persoon. Die profeet (Vrede op hom) het selfs gesê dat alle wesens bid vir die onderwyser van goed. *(Tirmidhi: 2685)*



“Meeste Moesliem wetenskaplikes en dokters het begin deur eers die godsdiens van Islām te studeer, en was sodoende aangemoedig om in ander wetenskappe ook ondersoek in te stel

## Van die Moesliem geleerdes:



1. **Khawārizmi** (790-850 Bagdad), was ‘n skolier van wiskunde, ingenieurswese, astronomie, en die stigter van algebra, en sy boeke was vroeg vertaal vir ander kulture .Eintlik was Arabiese woorde, soos ‘Al-Jabr’ en ‘Al-Ṣifr’ vertaal na‘Zero’ as gevolg van dit.



2. **Ibn al-Haytham** (965-1040 Kaïro), die skolier van fisika en ingenieurswese, wat ‘n sterk verhouding met Al-Azhar Universiteit gehad het, het die grootste bydrae in optika wetenskap bygedra, die uitvinding van die kamera word aan hom toegeskryf, en meeste navorsers beweer dat die woord kamera, wat so bekend is in meeste tale, is eintlik’n Arabiese woord ‘Qumrah’, en is vernoem na die kamer van lig, wat deur Ibn al-Haitham uitgevind is.



3. **Al-Birūni** (973-1048-algoritme) Die beroemde sterrekundige was die eerste om te verklaar dat die aarde om sy as draai, en het verwys na die swaartekrag van die aarde.

**4. Zaḥrāwi** (936-1013 Al-Andalus) Moesliem dokter , wat operasie metodes ontwikkel het .Hy het honderde operasie instrumente uitgevind en dit beskryf in sy boeke, en sy boeke het ‘n groot bron van medisyne en operasie metodes vir eeue daarna in verskeie tale geword.



**5. Ibn Sinā** (980-1037-Bukḥāra) Bekend in die wetenskaplike gemeenskap as (Avicenna). Beroemde dokter en filosoof, was voor vir sy tyd in die beskrywing van baie mediese verskynsels, en het ook die behandelinge beskryf. Hy het hoë rank bereik in wetenskaplike ervaring, navorsing en mediese studies wat akkurate resultate voort gebring het, wat met ons bly tot die huidige dag.En duidelik toon dit in sy boek, (Al -Qaanoon), wat die belangrikste verwysing in die studie van medisyne vir sewe eeue gebly het, en was die bron van studie in universiteite in Europa tot die middel van die sewentiende eeu.



Nadat hyhomself bevestig het in die mediese beroep het hy pasiënte verniet behandel, as ‘n menslike beroep .Alle danke aan God vir die genade van wetenskap en kennis.

**6. Ibn al-Nafīs** (1213-1288 Damaskus) was een van die skoliere van Islamiese wette, en terselfde tyd een van die grootste mediese wetenskaplikes, en fisiologie van die ledemate in die geskiedenis van die vak. Hy is die eerste om mikro-sirkulasie te ontdek en presies te beskryf, en het ‘n aantal mediese teorieë ontwikkel wat gebruik word tot op die huidige dag.



## Islām is inklusief van alle aspekte van mensdom

Meederheid van die mense is verbaas as hulle leer dat Islām nie net algemene rituele en voorskrifte is nie, soos die geval met baie ander godsdiense.

Islām in alle werlikheid is nie net gebede en geestelike nood wat deur Moeslieme in moskees beoefen word nie.



Dit is ook nie net menings, oortuigings en filosofië wat volgelinge glo nie.

Dit is nie net ‘n ekonomiese stelsel nie, of omgewingsisteem nie.

Dit is nie net reëls, teorieë om slegs orde en samelewing te handhaaf nie .

Dit is nie net ‘n stelsel van etiek, en morele waardes wat bevestig hoe om ander te hanteer nie.

Maar dis ‘n geïntegreerde stelsel vir alle aspekte van die lewe in al sy dimensies en vooruitsigte.Hierdie stelsel beperk nie die vryheid van mens nie, inteendeel, dit moedig mens aan om ‘n poging te wend tot die bydrae van kreatiwiteit, konstruksie en beskawing. Hierdie is een van die grootste seëninge wat God aan sy maaksloon geskenk het, en die Koran bevestig:*’Dit is verbode om die vleis te eet wat op ‘n natuurlike wyse gesterf het, of varkvleis, of enigiets waaroor ‘n ander naam as die naam van God uitgeroep is, of ‘n verwurgde dier, of n ‘n dier wat doodgeslaan is, wat doodgeval het, of wat deur die horings van ander diere gedood is, of waarvaan die roofdiere gevreet het, niks behalwe wat u self geslag het nie.Alles is ook verbode wat op stene geslag is wat vir afgode opgestel is,of dit wat julle met pyle verdeel het, dit is ‘n oortreding.Vandag het ek julle godsdiens en geloof voltooid gemaak en My guns aan julle voltooi,en Islām as lewenswyse vir julle gekies. Maar wie deur honger genoodsaak word, en dus nie met opset sonde pleeg nie, sal God waarlik Vergewensgesind, Genadevol vind.”(Al-Māidah: 3)*

Toe een nie-Moesliem persoon vir Salmān Fārsi (een van die profeet se bondgenote) gesê het (in ‘n sarkastiese manier): “Julle vriend, (die profeet) leer julle alles, selfs die etiket van ontlasting”Toe antwoord hy:Ja, hy het ons geleer, en toe noem hy die reëls van Islām en die etikette aangaande daardie opdrag. *(Muslim 262)*

## Die wêreld en die hiernamaals

Die antieke Egiptenare het die dooie liggame gebalsem, en die kosbare besittings van die persoon met hom begrawe met die gedagte dat hy dit sal benodig in sy ander lewe na die dood .

Aan die ander kant, die mense van Tibet sny die liggame van hul dooie op en sit dit op hoë vlaktes as voedsel vir die voëls en wilde diere, en tot op die huige dag brand Hindoes nog altyd die liggame van hul dooie want hulle is onder die indruk dat dit die enigste manier is om hul siele te red.

Dit is maar net 'n paar voorbeelde van verskillende soorte rituele in verband met die afskeid van die dooie, wat gewissel het oor die verloop van tyd en plek, volgens die geloof van mense omtrent die lewe na die dood, en die verskynsel van 'n aantal kwellende vrae wat op soek is na antwoorde .. Is daar 'n lewe (na dood)? Wat soorte lewe is dit? Wat benodig ons daar?

Dit is omdat die dood die enigste werklikheid is waroor almal ooreenstem. Dit wag vir een en elk sonder uitsondering, ongeag as ons glo in lewe na dood, of as ons beperk is tot dit wat ons kan sien en aantas met ons sintuie, ongeag as ons gereed is vir daardie noodlottige oomblik, of as ons probeer vergeet deur besig te bly met ander ietse .

Die vraag wat alle vorme van nalatigheid weerstaan, en herhalend gevra word elke keer as mens n oomblik van introspeksie met homself beleef ....Is dit die einde, is daar niks anders nie? Is ons bestaan net 'n soort van 'n speletjie?

Die vraag wat herhalend in ons gedagtes oor en oor draai, en die Koran herhaal dit in verskeie maniere, en vertel ons terselfdertyd dat die meerderheid van mense sal berou op die dag van die afrekening, want hulle het nie die tyd geneem om hulself hierdie vraag te beantwoord nie en het ook nie voorsorg maatreëls getref vir die dag van afrekening nie..Sommige gaan sê: Ek wens ek het my lewe voorberei *(Al-Fajr: 24)*, en 'n ander gaan sê: Ek wens ek was net stof gewees. *(Al-Naba': 40)*.

Dit is bekend dat alle hemelse godsdienste glo in die lewe van die Hiernamaals, en die aspek van beloning en straf daarin, want dit is die in-



ligting wat al die profete gebring het.Dit maak ook net logies sin dat die goed en sleg van hierdie lewe vergoed of gestraf sal word in die lewe na dood. Wat is die doel van godsdiens en moraliteit aarvan sal plaasvind.

Meerderheid van die mense is van die opinie dat godsdiens en aanbidding nie gepaard gaan met geld verdien, plesier of ontwikkeling nie. Werk vir hierdie wêreld of vir die hiernamaals, en die twee kan nie terselfde tyd gedoen word nie, soos dag en nag nie die selfde tyd kan wees nie.

> Alle hemelse godsdiense glo in lewe na dood, en die aspek van belonging en straf daarin.

Hulle bewondering eindig nie, maar dit is moeilik vir hulle om te glo dat hierdie skeiding tussen aanbidding en plesier, of tussen aanbidding en geld bestaan nie in die geloof van Islām nie, en die Heilige profeet Mohammed (Vrede op hom), vertel ons dat indien 'n persoon goed doen sal hy beloon word in die hiernamaals, selfs as hy 'n doring verwyder uit die pad van mense, of selfs 'n bietjie kos sit in die mond van sy vrou! *(Al-Bukḥāri: 56)*

Die heilige profeet Mohammed (Vrede op hom) het gesê dat daar verskeie maniere is om goeie dade in te samel, hy maak die voorbeeld van 'n persoon wat seksuele omgang met sy vrou het en dan beloon word vir die daad. Hierdie voorbeeld het die bondgenote verbaas en gelei tot veredere ondersoek. Hoe kry n'n persoon beloning vir seksuele omgang, het hulle ondersoek ingestel.Die heilige profeet (Vrede op hom) het toe gesê: Wat dink julle sal gebeur as hy hom verlos op n manier wat belet is?Sal hy straf op doen?Hulle antwoord was ja.Vir daardie rede was hy beloon omdat hy die regte manier gekies het om hom te verlos. *(Muslim:1006)*

Dit moet bekend gestel word dat wie ook al Islām kom leer ken het, sal die balans sien tussen die lewe en die hiernamaals soos die Koran die prentjie teken.In 'n tyd wat mense aangemoedig word om te aanbid vir beloning in die hiernamaals word daar ook beklemtoon om te strewe na God se goedkeuring hier op aarde. *(Al-Jumuah:9-10)*

Daardie persoon is geregtig om beloning te kry so lang as sy doel is om God se plesier te verdien.Elke Moesliem word gevra om God te aanbid in sy pligte, werk, opleiding van sy kinders en hoe hy sorg vir sy gesondheid, omgewing en gemeente in die selfde manier wat hy vir hom aanbid deur gebed, liefdadigheid en vas.

Dit is een van die geheime van persoonlike tevredenheid en vrede wat 'n Moesliem vind as hy besef die balans tussen sy lewe en die hiernamaals, en sy plesier en godsdiens.Dit is soos n geïntegreerde gebou met pillare wat mekaar steun.

Hier beklemtoon die Koran dat die kenmerk van 'n Moesliem is dat hy bring die filosofie van Islām te saam en dit is sy plig om dit aan te aankondig:My hele lewe is 'n vorm van godsdiens in al sy situasies, en nie net gebed nie.Maar in al my situasies weet ek dat God my verantwoordelik gaan hou na my dood, en vir daardie rede hou ek vas aan God se wette.*(Al-An'ām:162)*

## Godsdiens van meerdeling en kommunikasie

Die beskrywing van groot dele van Rusland, Denemarke en die Skandinawiese lande deur die Moesliem reiseger Ahmad ibn Fadlān word beskou as die eerste akkurate beskrywing en opname van die werklikheid van die lewe van mense ,en die aard van die samelewing wat die wêreld geken het oor daardie lande.

Ahmad ibn Fadlān het in die die jaar 921 ‘n fantastiese reis onderneem, en hierdie reis was beskou as een van die belangrikste toere van kulturele kommunikasie in die Middeleeue.Hy het uit Bagdad ,die hoofstad van wetenskap en kultuur in daardie tyd, en het verby ‘n groot aantal lande en volke gereis, en sy waarnemings en gebeure wat hy beleef het was gedokumenteer in sy boek,wat die eerste keer gepubliseer was in 1923, en was gebaseer op ‘n manuskripkopie wat gevind was in Rusland.

Die rede vir die belangrikheid van die boek van Ibn Fadlān, soos die Amerikaanse wetenskaplike Michael Crichton verklaar, dat Moeslieme in Bagdad was standvastig in hul godsdiens en openbaar en vedraagsaam teenoor mense wat met hulle verskil het in in voorkoms, gedrag en geloof. Hulle was op daardie tydstip die kleinste nasie in terme van landmassa, en dit het hulle unieke getuies van vreemde kulture gemaak. (Michael Crichton, Eaters of the Dead)



Islām roep tot die deelname van mense in die konstruksie en hervorming van nasies en moedig aan dat interakise tussen mense op die hoogste graad van morele karakter gehandhaaf word, ongeag van hulle verskillende kulture en godsdienste, en waarsku dat die isolasie en afstand vanaf die mense nie die ware weg van Islām is nie, en die boodskapper van God, Mohammed (Vrede op hom), beskou die persoon wat gereelde interaksie het met mense en geduldig is met hulle foute, beter is as diegene wat wegsku, of hulle totaal ontrek van mense. *(Ibn Mājah, 4032).*

# Een skepper...
# een God



Dit is nie genoeg om net teoreties oortuig te wees dat God alleen aanbid mag word nie, maar die praktiese aanbidding en dade moet vir die plesier van God alleen gedoen word is deel van die geloof.

## Die woord *(Allah)* het drie betekenisse in die Arabiese taal

- Dit is die Een wat aanbid word, die Een na wie mense draai met hul harte en gebede en die Een vir wie die vas opgehou word in die maand van Ramadān. (vas periode van die moeslieme)
- Die menslike verstand kan nie regtig die persepsie van God se eienskappe en alle magtigheid verstaan nie.
- Die Een aan wie alle harte geheg is, en na wie alle siele verlang. Hulle kry genotskap daaruit om Hom te onthou en aanbid.

Die Koran beklemtoon dat dit nodig is om die persepsie van God reg te stel en om ten alle tye die waninterpretasies te vermy

So God maak dit duidelik dat hy die Skepper van alles is, en alles wat gebeur ongeag hoe klein dit ook al mag wees, is Sy maaksloon en was geskape met Sy wil en kennis. Geen vrou uit al sy maaksloon word swanger of gee geboorte, behalwe met Sy kennis en wil.Geen druppel reen val, geen veranderinge gebeur in nag of dag, sigbaar of onsigbaar in enige plek in die heelal, behalwe dat God dit omhels met Sy kennis, krag en genade nie.

Hy is Allemagtig met eienskappe wat die mooiste en mees volkoom is.Hy is die Allemagtige wat nie oorwin kan word nie.Hy is die Genadige wie se genade alles omhels.Hy is die Allemagtige wie niks defekte van enige soort het nie.

Sommige het beweer dat God die hemele en aarde geskape in ses dae, toe rus hy op die sewende dag. Die Koran het hierdie bewerings verkeerd bewys en baie duidelik gemaak.*"Ons het die hemele en aarde en alles tussen in geskape in ses dae, en niks moegheid het ons beval nie."(Qāf:38)* En daardie



Die Qur'ān beklemtoon dat niks sonder die gewetenskap van God gebeur nie, nie n reëndruppel of 'n blaar wat van 'n boom af val, geskied sonder dat God weet daarvan nie

> Die mees selfsprekende feit in Islām is die aanbidding van God alleen, en al die boodskappers het die mense geroep na dit, en die Qur'ān beklemtoon dit ook

bewering kom maar net van die logika om God te vergelyk met maaksloon, en wat hy ken van maaksloon.Hy is Allemagtig, die Skepper en alles behalwe Hom was geskape, so hoe kan hy vergelyk word met Sy maaksloon?*"Niks is soos Hom nie, Hy hoor alles en sien alles"(Al-Shuarā:11)*

Hy is die reverdigste Een wie nie in die minste onreg pleeg nie. Alles wat ons ervaar en getuig in die lewe is bewyse van Sy wysheid en liefdadigheid. Die behadeling van kinders deur hul ouers is nie altyd duidelik vir die kind nie en meeste van die tye kan die kind dit nie verstaan nie of verduidelik nie, omdat daar 'n groot verskil tussen ouers en kinders is, net so kan die menslike verstand nie God se wysheid verstaan wanneer dit by Sy skepping kom nie.

Teoretiese ootuiging is nie genoeg om 'n persoon se geloof te voltooi nie.Die Skepper is Een, so dit is nodig dat die een wie aanbid, alle gebede en dade na niemand behalwe God te offer nie. Allemagtig is Hy sonder enige tussenganger

Die konings en leiers in hierdie lewe kan nie die armes en swakkes se kondisie identifiseer sonder om die hulp van hul personeel aan te skaf nie, en sodoende kan hulle die armes hulp aanbied.God weet alles, dit wat in die openbaar is en dit wat in privaat is.Hy is die Allemagtige, Groot Eienaar, en die Een met alle krag en niks is bo Sy vuurmaak plek nie.Die heelal is in Sy hande en onder Sy leiding.As Hy iets wil doen ,dan se Hy net:"Wees"!,dan sal daardie iets wees.So hoekom moet ons draai na enige iemand anders as God?

Die Koran bevestig dat die Moesliem se hart nie vreugde sal vind tensy hy sy bekommernisse plaas voor sy Skepper nie, Hy is die Magtige Een,die Een wat lief is vir Sy slawe, en blydskap toon as hulle uitreik na hom.

Die meeste duidelikste boodskap in Islām, is die aanbidding en toewyding van God alleen. *(Al-Naḥl:36)* en dit was ook die plig van al die boodskappers wat gestuur was soos dit bevestig is in die Koran, niemand dien as n tussenganger tussen God en sy slawe nie, ongeag as hy n boodskapper, koning of hoe godsdienstig hy ook al mag wees. Almal is God se skepping en Sy slawe, en hulle gebede word beantwoord wanneer hulle Hom met pligsgetroue aanbid.

So hoe kan daardie persoon nie blydskap ervaar as hy draai na God, sonder enige kommer nie.Die Skepper is Een en net Hy alleen word aanbid.

Dit is die betekenis van 'n kort sūrah (hoofstuk) van die grootste en mees bekendste Suwar (mv. hoofstuk) van die Koran, *Sūrah Al-Ikḥlās.*

## *Sūrah Ikḥlās*/Hoofstuk van opregtheid

Waar God sy profeet Mohammed (Vrede op hom) beveel om duidelik te verklaar, maar dis asof die vraag: “Wie is God?” deur God self beantwoord word

- God is Een en het nie n vennoot in aanbidding nie
- Alle Maaksloon is afhanklink van God om hulle behoeftes te vervul.
- Hy besit geen kind nie en was ook nie geboorte aan gegee nie, Hy is die Eerste en voor Hom was daar niemand en niks.
- Daar is niemand en niks met sy voorkoms, Hy het geskape en niemand het Hom geskape nie.




## Tussen die wet van die natuur en die wet van *Sharī´a*

God het die heelal waarin ons lewe geskape van ‘n klein sel in ons liggame, en die verste deel van die oneindig sterrestelsels met uiterste akkuraatheid en integriteit en reëlmaate, waarin lewe en natuur nie sonder dit kan bestaan nie. Alle natuurwetenskaplikes bevestig sonder huiwering dat daar geen wanbalans in hierdie stelsel is nie, die kleinste moontlikheid van wanbalans sal lei tot die vernietiging (van alles in hierdie stelsel).

Die Moesliem glo die Skepper het hierdie wonderlike stelsel uitgeblink in Sy akkuraatheid en Sy beslissings, en Hy is die Een wat die beste kennis dra omtrent wat nuttig is vir Sy maaksloon. En hierdie godsdiens is die enigste stelsel wat sy menslike lewe red uit die tirannie van een party oor die ander. God het verklaar in die Koran die Skepper van die heelal en die mens, die Een wie die beste kennis dra omtrent wat goed is vir hulle :*”Is dit nie so dat Hy wie alles geskape het,  die beste kennis dra  nie?”(Al-Mulk: 14)*





## Geen priesterdom in *Islām*

Ons vind dat baie godsdiense godsdienstige voordeel gee vir ‘n paar individue oor ander, en koppel die aanbidding van mense en hul geloof in die toestemming van daardie individue. Volgens daardie godsdienste is daar tussengangers tussen hulle en God, wat vergifnis gee, en miskien ook volgens hulle geloof die onsigbare weet. En enige oortreding teenoor hierdie persone sal lei tot verlies.

In Islām is daar eintlik geen spesiale funksie vir die geestelike person nie, want Islam het geen person bo n ander geplaas nie .Islām is bevreid van enige geestelike gesag tussen die slawe en God.Islām het ook die verband met sekere persone om gelowigheid te bereik uitgeskakel, ongeag hulle geestelike rank.

*Islām* is ook bevreid van enige gesag wat beweer dat die gelowige kennis net tussen sekere mense gvind word en nie ander nie. Ons vind dat die Koran, die kennis van geloof en die verstaning van die Koran, nie net die reg van almal gemaak het nie, maar het dit ‘n plig op alle Moeslieme gemaak. Elke Moesliem moet strewe om die Koran te lees en verstaan en te besin oor die betekenis daarvan, en sy beste poging aanwend om dit toe te pas in sy lewe. *(Ṣād:29)*

> Islām het mensdom eer vergun en ‘n hoë kapasiteit, sonder enige geestelike gesag tussen hom en God. Geen persoon kan dien as n’medium tussen die slaaf en God nie, ongeag van sy geestelike rank

Aanbidding en geloof is tussen mens en sy God, en geen mens is tussenganger in dit nie. God, die Allemagtige is naby aan Sy slawe en hoor elke gebed van Sy slawe en Hy beantwoord en beloon Sy slawe vir hul gebede.Geen mens het die reg om vergifnis en berou te vergoed nie, wanneer die persoon berou en opreg is teenoor God, sal God hom vergewe en vergoed. God is baie naby aan almal wanneer hulle uitroep na Hom, soos die Koran bevestig: *"En as my slawe van my vra, (weet waarlik) dat ek naby is. Ek antwoord die bidder as hy vra. So vra vir My en glo in My sodat hulle leiding kan kry." (Al-Baqarah:186)*



"Die Qur'ān beklemtoon dat God na aan die persoon is wat uitroep na Hom

## Is daar 'n spesiale ritueël om in *Islām* te betree?

Daar is geen ingewikkelde rituele om in Islām te betree nie. Dit is ook nie  nie nodig om in 'n spesiale plek of in die teenwoordigheid van 'n spesifieke figuur te wees nie , dit is genoeg as die person die  twee getuienisse uiter en die persoon moet bewus wees wat die betekenis van dit  behels en laastens moet die person ook waarlik glo in dit .Die twee getuienisse is:

Ek getuig dat daar geen God is behalwe God (dit wil sê, ek getuig dat daar nie 'n ware god is nie, behalwe Allah, ek aanbid Hom alleen en Hy het geen vennoot nie).

En ek getuig dat Mohammed die boodskapper is van God (ek getuig dat Mohammed is die boodskapper van God aan alle mense, ek gehoorsaam sy bevele, en aanbid God volgens sy wette en *Sunnah* (lewenstyl).



# Wie is die Profete?



# God

God het mense geskep om Hom te aanbid, en hy het profete na hulle gestuur, om die wette van God en godsdiens te leer.Hulle het gewerk in die hervorming van die mense en hul godsdiens, en was goeie voorbeelde vir hul mense.Hulle doel was om mense te roep na die aanbidding van God, sodat dit mense nie kon afwyk en verlore gaan nie.So wat is die werklikheid van hierdie boodskappers?

## Menslikheid van die Profete:

Die Koran bevestig in 'n groot aantal verse dat al die profete mens was.Voorwaar, daar is menslike ooreenkomste tussen ons en die profete, maar hulle is op 'n hoër graad van suiwerheid en integriteit en dus deelvan die rede hoekom God hulle gekies het om sy boodskap en godsdiens te verkondig aan mense, soos dir bevestig is in die Koran:*" Ek is net 'n mens soos julle, maar ek word inspireer (Deur God se woorde" (Al-Kahf: 110).*

Alle Profete is mense, Hulle word gebore soos mens , sterf soos mens , word siek soos hulle, hulle verskil nie van hulle in die samestelling van hul liggame, en ook nie in hul behoeftes nie.

Nie een van hulle is goddelik nie; goddelikheid is vir God alleen, maar hulle is mense wat inspireer word deur God se woorde. Dit wil sê die inspirasie kom na hulle deur middle van engele, of deur ander maniere.

Eerste nasies was verstom deur die inspirasie van God na Sy profete en God het gou hulle vesrstomming aan die kaak gestel, en dit was duidelik dat dit die manier was om die leiding van God en Sy godsdiens te lewer aan Sy skepping. *(Yūnus: 2)*

## Balans omtrent die status van die profete:

God het die beste van sy maaksloon gekies om die boodskap oor te dra, hulle is mense op 'n hoë gehalte van integriteit en regverdigheid. Die Koran bevestig dat al die profete opreg lewe, goeie mense is, en net ietse doen wat goed is nie, maar hulle was spesiaal gekies oor almal in die wêrelde. *(Al-An'ām: 84-87)*

> Die Qur'ān beklemtoon dat alle boodskappers mense is wat deur God gekies was vir die openbaring en boodskappe

In die geval dat een van die profete 'n fout begaan het, het God dit nie teen hom gehou nie, maar hom geroep om terug te keer na Hom, en berou te toon oor dit wat foutief was. Daardie fout was deur misverstand, en nie doelbewuste indringing van God se wil nie.

So gee die Koran n akkurate beskrywing van die profete sonder om te oordryf, hulle was beskerm deur God en het nie die mag gehad om groot sondes te doen nie, maar hulle is nog steeds mens en nie gode nie, en ook nie die seuns van gode nie, en het geen kenmerke van goddelikheid nie .

Die Koran vertel van die dialoog wat plaas gaan vind die dag van opstanding tussen God en Jesus (Vrede op hom)": *O Jesus, die seun van Maria, het jy vir mense gesê: Neem my en my ma as gode buiten God? Hy gaan se, Heilig is U! Ek het geen reg om te sê wat ek nie toegelaat was nie. As ek dit gesê het sou U geweet het, U weet wat in my denke is en ek weet nie wat in U denke is nie. U is die kennisdraeer van die onsigbare. Wat ek vir hulle gesê het was net dit wat U vir my gesê het om God te aanbid, my God en julle God. Ek was 'n getuie teen hulle so lank as wat ek tussen hulle was, maar toe U my op gevat*


*het toe was U self die bewaker oor hulle en U is getuie oor alles." (Al-Māidah: 116,117).*

Die person wat die Koran lees en ken sal weet dat 'n aantal hoofstukke vernoem word na die name van die profete soos, Ibrāhīm (Abraham), en Yūsuf( Josef) en God het ook 'n hoofstuk vernoem na Maryam (Maria) skone,reine moeder van Īssa(Jesus).

## Die posisie van Islām in verband met die profete:

Sommige mense dink dat die Koran slegs die stories van die boodskapper van God Mohammed (Vrede op hom)is, hulle sal verras word as hulle moet weet dat die Koran Jesus se naam (Vrede op hom), 25 keer met eer noem en hom bevry van alle valse beskuldigings teen hom.Die naam van Moses (Vrede op hom), word 136 keer genoem, terwyl Mohammed (Vrede op hom), wie die Koran ontvang het, net 5 keer genoem word .

Hoewel die meerderheid van mense nie hulle profete erken nie en sommige weer ander profete oortree. Die persoon wat die Koran lees sal gou besef dat die persoon wat nie glo in al die profete nie, al glo hy in almal behalwe een, of hy twyfel oor sy boodskap en beskuldig hom van leuens, so n persoon het die geloof van Islām verlaat. Die Koran bevestig dat die profeet en die gelowiges glo in dit wat van God gekom het, sodat hulle glo in God en die engele en die profete, en nie onderskeid maak tussen een van hulle nie. *(Al-Baqarah: 285)*





# Die posisie van Islām omtrent Jesus (Vrede op hom)



# Jesus

Jesus word beskou as een van die belangrikste figure in geskiedenis, en die grootste weldoeners aan mensdom. Mense verskil in die posisie omtrent hom, as ‹n god, of ‹n seun van God, en daar is diegene wat hom haat en hom vals beskuldig.Wat is die posisie van Islām omtrent Jesus?


Holy
Bible

## 1 Jesus Is een van die Grootste Profete

Die Koran bevestig dat Jesus (Vrede op hom) een van die grootste profete is, en dat sy moeder Maria (Vrede op haar) goed en gehoorsaam teenoor haar God was, ‘n reine maagd, sy het Jesus gebaar sonder ‘n vader met die krag van God, die Allemagtige. Sy skepping was ‘n wonderwerk soos die skepping van Ādam (Vrede op hom) sonder vader en moeder. God sê in die Koran: Jesus is ‘n ewige wonderwerk van God, soos Ādam sonder pa en ma geskep het, was Jesus geskep sonder ‘n vader met Sy Krag, as Hy sê die ding moet wees dan sal dit net so wees “. *En die gelykenis van die skepping van Jesus is soos die van Ādam wat hy uit stof geskep het, en sê vir hom: Wees, toe bestaan hy.” (Āl-‘Imrān: 59)*

## 2 Moeslieme glo in sy wonderwerke

Moeslieme glo ook in wonderwerke wat God laat geskied het deur middel van Jesus (Vrede op hom), soos sy behanding van die leper, blinde mense weer te laat sien en mense uit die dood gewek, en laat mense weet wat hulle moet eet en stoor in hul huise. Almal hierdie het gebeur met die toestemming va die Allemagtige God. God dit ‘n duidelike teken gemaak van die opregtheid van sy profeetskap en sy boodskap.

## 3 Die Heilige Boek (Injīl) was aan hom geopenbaar

Die Koran bevestig dat God het een van die grootste boeke (die Injīl) aan hom geopenbaar het dit was leiding, lig en genade vir die mense, maar was oor die verloop van tyd verander.

## 4 Hy is ‘n mens, en nie ‘n God nie

Islām bevestig dat Jesus (Vrede op hom) ‘n mens was, God het hom na die kinders van Israel gestuur, en die vermoë gegee om wonderwerke te doen .Hy het geen goddelike eienskappe nie, soos God sê in die Koran: Dat Jesus maar net n goeie dienaar is wie ons die vermoë gegee het om wonderwerke te doen, sodat sy nasie dit kan herken as n teken en om hulle na alle goed te verwys: *“Hy is maar n dienaar wie ons bevoordeel het , en ons het hom n voorbeeld gemaak vir die kinders van Israel.”(Al-Zuḥruf:59)*

## 5 Hy was nie gekruisig nie maar was opgehef na die hemele

Jesus in die sig van Islām was nie vermoor of gekruisig nie, maar God het hom opgehef na die hemele.Toe sy vyande hom wou vermoor het, het God sy gelaatstrekke op iemand anders geplaas, toe lyk hy soos Jesus, en hy was toe dood gemaak en gekruisig, wat hulle onder die indruk geplaas het dat dit Jesus was, en Jesus was lewendig opgehef na die hemele, soos die Koran dit bevestig. *(Al-Nisā: 157-158)*

## Die stamboom van die Profete

Die profete van God is  baie, en hier is ‘n paar van die mees bekendste (vrede op hulle almal):

### Ādam:

Die vader van alle mense, God het hom geskape uit stof, en die engele vir hom laat buig, en was uit die hemel na die aarde gestuur.

### Noag:

Het sy mense geroep, hulle get hom nie geglo nie, en hulle was toe gestraf deur n oorvloeding te stuur en net die wie hom gevolg het was gered in die skip.

### Abraham:

Die vader van  profete, en een van die grootste profete, het geroep na die eenheid van God. Hy is die eerste persoon wie die Kaʻba (direksie wat die Moeslieme na bid in Mekka) gebou het.

### Ismāʻīl:

Seun van Abraham, hy het sy pa gehelp met die bou van die Kaʻba.

### Isak:

Die seun van Abraham, is gebore nadat engele aan sy pa Abraham verkondig het die nuus van sy geboorte

### Jakob:

Seun van Isak, word ook geken as Israel, en die kinders van Israel word aan hom geheg.

### Josef:

Seun van Jakob, het verskeie toetse deur gemaak, en uiteindelik regeerder van Egipte geword.

**Moses:**

Een vans die grootste boodskappers van God, was aan die die kinders van Israel gestuur. En God het aan hom die Torāh geopenbaar, en hom gehelp deur wonderwerke. Die Farao van Egipte het hom verstoot en God het hom laat verdrink in die see, en Moses en sy volgelinge gered.

**Dawid:**

'n Profeet wat God koninkryk oor sy volk gegee het.

**Solomon:**

Die seun van Dawid, die profeet wie God 'n groot koninkryk gegee het, en het baie wesens onderdanig gemaak teenoor hom.

**Zakaria:**


Een van die profete van die kinders van Israel, was die voog van Maria, die moeder van Jesus (vrede op hulle), en wat verantwoordelik was vir haar opvoeding en onderwys. God het hom 'n seun Yahya vergin ongeag sy ouderdom, en die feit dat sy vrou nie kon kinders baar nie

**Jesus:**

Een van die grootste profete, God het hom geskape sonder 'n vader. God het hom na die kinders van Israel gestuur, en aan hom geopenbaar die Injīl, en hom versterk met talle wonderwerke.

**Mohammed:**

Seël van die profete, God het hom gestuur na die mensdom in geheel, hy glo in almal die profete voor hom en het die die Koran ontvang , waar niks vals, voor dit of agter dit binnedring het nie.




# Wie is die profeet van Islām?



# Mohammed

Mohammed is die naam van die boodskapper van Islām, en dit is die mees wydverspreide naam oor die wêreld vandag, en dit is n teken van lof en eer op sy morele waardes en aksies

## Naam van die boodskapper van Islām:

Mohammed ,seun van Abdullāh seun van Abdul Muttalib seun van Hāshim Al - Qurashī

Gelewe 570-632. Moeslieme glo dat:

## Boodskapper van God aan alle mense:

God het Mohammed (Vrede op hom) gestuur aan alle mense en alle rasse, en het gehoorsaamheid aan hom verpligtend gemaak op alle mense. Die Koran sê: *“Sê, o mense, ek is die boodskapper van Allah vir almal van julle” (Al-‘Arāf: 158).*

## Die Koran was aan hom geopenbaar

God het aan Mohammed (Vrede op hom) geopenbaar die laaste en grootste boek, die Koran, die boek wat niks valsheid bevat nie (vanaf die tydperk van openbaring tot die huide dag)

## Die Laaste van al die Profete

God het Mohammed (Vrede op hom) gestuur as die laaste van al Sy profete. Daar is geen profeet na hom nie en die Koran bevestig: *“Maar die boodskapper van Allah en die Seël van die Profete.” (Al-Aḥzāb:40)*



## n Vinnige toer om die boodskapper van Islām ,Mohammed (Vrede op hom) te leer ken

### 1. Geboorte

Hy was gebore in Mekka, wes van die Arabiese Skiereiland in 570 as ‘n weeskind sonder ‘n vader, hy het sy ma verloor op ‘n vroeë ouderdom, en groot geword in die sorg van sy oupa, Abdul Muttalib. Na die dood van sy oupa was hy in die sorg van sy oom, Abū Tālib geplaas waar hy grootgeword het.

### 2. Sy lewe

Hy het in sy stam van Quraish gelewe vir veertig jaar voordat hy n profeet verklaaar was deur God (570-609m). Hy was ‘n voorbeeld van van goeie maniere, integriteit en onderskeid, en sy bynaam was die ‘die eerlike, vertroubare een’. Hy was ‘n skaapwagter en het later ‘n gesoute besigheidsman geword.

Die boodskapper van God het al voor die koms van Islām God aanbid op die godsdiens van Abraham (Vrede op hom), en die aanbidding van afgode en heidense praktyke verwerp, en hy kon nie lees of skryf nie.



### 3. Missie

Na die verloop van 40 jaar van sy lewe, het hy dikwels in die grot van Hīra (een van die berge naby Mekka) gemediteer en God in eensaamheid aanbid en dit is waar hy die eerste openbaring van God ontvang het, en dikwels na dit was die Koran aan hom geopenbaar. Die eerste woorde wat hy ontvang het van God se woord was: ‘Lees’ met die hulp van God wat jou geskape het *“lees in die naam van jou Here wat skape” (Al ‘Alaq: 1)* om aan te kondig dat hierdie missie is die begin van ‘n nuwe era van kennis, lees, lig en leiding vir mense.Na hierdie verse toe kom openbaring gereeld oor die volgende drie en twintig jaar.



**4. Begin tydperk van sy missie**

Die boodskapper van God het begin om mens te nooi tot die godsdiens van Islām in die geheim vir drie jaar, en daarna het hy die mense in die openbaar genooi na Islām in Mekka vir die volgende tien jaar. Meerderheid van sy volgelinge was die swakkelinge en die armes, soos die volgelinge van al die profete voor hom. Die profeet en sy volgelinge het die swaarste onderdrukking van die stam van Quraish ervaar. Hy het Islām bekendgestel aan die stamme wat na Mekka gekom het vir Ḥajj, en die mense van Medina het dit aanvaar en die Moeslieme het geleidelik daarvandaan emigreer na Medina.

**5. Migrasie**

Hy het migreer na Medina wat destyds bekend was as Yathrib. In die jaar (622 NC), op die ouderdom van 53, het n sameswering van die leiers van die Quraish probeer om hom dood te maak. Hy het in Medina vir die laaste tien jaar van sy lewe gewoon en geroep na Islām, die wette van Islām met gaafheid en hoë morele waardes



### 6. Die verspreiding van Islām

Die boodskapper van God het die hoofkwartier van die Islamitiese beskawing in Medina gestig na sy emigrasie (622-632 NC), en het die Moesliem gemeenskap versterk, die lojaliteit aan stamme ytgeroei en kennis versprei.Hy het die beginsels van geregtigheid, integriteit, broederskap, samewerking en orde gelê. ‘n Paar van die stamme het probeer om Islām uit te roei, en as gevolg daarvan het daar ‘n aantal oorloë uit gebreek. God het sy godsdiens en sy boodskapper gehelp, en toe het talle mense Islām as hul godsdiens aanvaar, en Mekka en meeste van die stede en stamme van die Arabiese Skiereiland was in die beheer van die Moeslieme.

### 7. Sy dood

In die maand van Ṣafr, in die (11de)jaar , nadat die profeet van God (Vrede op hom) die boodskap gelewer het, en God was genadig op die mense om die godsdiens te voltooi, het die profeet (Vrede op hom) gely van koors, en sy siekte het ernstiger geword. Hy het gesterf gedurende die dag, Maandag (6/8/632), die jaar 11 AH, op die ouderdom net oor sestig jaar, en hy is begrawe in die huis van sy vrou Aisha (Vrede op haar), langs die profeet (Vrede op hom) se moskee in Medina.






# Mohammed (Vrede op hom) is die boodskapper van God in die oë van die wie regverdig is



# Enige

Enige regverdige persoon ongeag sy kultuur as hy die storie van die profeet Mohammed (Vrede op hom) bestudeer, word bewonderd vir al die besonderhede van hierdie tydlose biografie. Ons vind dat skoliere, filosowe en skrywers uit die Ooste en die Weste dit opgemerk het, en hulle noem dit in hul boeke en artikels. Van hierdie (skrywers):



**Mahatma Gandhi het gesê:** *'Ek het gesoek die eienskappe van 'n man wat die harte van miljoene mense gewen het ... Ek is heeltemal oortuig dat die swaard was nie die manier waarop Islām status bereik het nie, maar dit was deur die eenvoudigheid van die profeet met sy akkuraatheid en waarheid in sy beloftes, en sy toewyding aan sy vriende en volgelinge, en moed met absolute vertroue in God en in Sy boodskap. en dit is die eienskappe wat die weg oop gemaak het,en probleme oorkom het, nie deur die swaard nie.Nadat ek klaar die tweede deel van die lewe van die profeet gelees het, toe is ek spyt dat daar nie meer beskibaar is om te leer oor sy lewe nie."*


*(Gandhi, Mahatma (1976). Collected Works. 1st ed. India: Publications Division, Ministry of Information and Broadcasting, vol.25, p.127.)*

"Ek wou die kenmerke leer van die man wat miljoene mense se harte oorgewen het, en ek is geheel en al oortuig daarvan dat Islām nie die status bereik het deur middel van oorloë en geweld nie"

Ghandi




In sy bekende boek "Die grootste honderd manne in geskiedenis," het **Michael Hart,** die 100 karakters begin Mohammed (Vrede op hom), en verduidelik die rede vir sy keuse en gesê: *"My keuse om Mohammed (Vrede op hom) die eerste in die belangrikste man in geskiedenis te rank, sal lesers verras, maar hy is die enigste man wat die hoogste sukses behaal het,op beide die godsdienstige en sekulêre vlakke" (The 100: A Ranking of the Most Influential Persons in History, Michael H. Hart)*



Die bekende Franse digter **Alphonse de Lamartine** sê in sy boek, (Geskiedenis van die Turke). *Die bedoeling waarmee hy sy missie aangepak het, die gebrek aan materialistiese middele en die uitnemendheid van sy resultate, is die drie funksies van die genie van n ware man. Wie waag dit om enige van die groot name van geskiedenis teen Mohammad (Vrede op hom) te vergelyk?.*



Die Indiese filosoof **Ramakrishna** sê: "Die omstandighede het verander, maar Mohammad (Vrede op hom) het nie verander nie, in oorwinning of nederlaag, in krag of in teenspoed, in oorvloed of armoede, hy bly dieselfde man met dieselfde eienskappe, soos die wil van God, al die profete verander nooit". (Ramakrishna Roa, Koneru (1989). Mhuhammad The Prophet of Islam. 1st ed. Riyadh: World Assembly of Muslim Youth, p.24.)



Die grootste digter van Duitsland, **Goethe,** het geskryf in 'n brief aan sy verloofde, en'n aanduiding gegee van sy bewondering met Islām en Mohammed (Vrede op hom) alhoewel hy sewentig was, het sy bewondering met Islām nooit op gehou nie, maar net gegroei en versterk).

**Prof Stobart sê:**" *Daar is nie 'n enkele voorbeeld wat in menslike geskiedenis bestaan nie,soos die persoonlikheid van Muhammad (Vrede op hom). Hoe min het hy besit van materialistiese ietse, maar hoe groot was sy prestasies! Selfs as ons die geskiedenis met hierdie uitsig kyk, sal ons vind dat niks ander naam skyn uit soos syne nie). (Stobart, James William Hampson (1884). Islam and Its Founder. London: Society for Promoting Christian Knowledge, pp.227-228.)*



**Simon Ockley** sê in sy 'Geskiedenis van die Moslem-ryk: *"Dit is nie die verspreiding van die Islamitiese missie wat bewondering verdien nie, maar die kontinuïteit en stabiliteit deur die eeue, en dit het nog steeds n' merkwaardige indruk , wat gegrawe was deur Mohammad (Vrede op hom) in Mekka en Medina, met dieselfde heerlikheid en krag in die harte van Indiërs, Afrikaners en Turke wat nuutlings die Koran ontvang het.(Ockley, Simon. (1870). History of the Saracen Empire. 1st ed. London: A. Murray, p.54.)*

> **Die wonderlike indruk wat Mohammed (Vrede op hom) destyds in Mekka en medina geskep het, het nog altyd dieselfde skitterende effek op hedendaagse Indiërs, Afrikaners en Turke, vir wie die Qur'ān relatief nut is.**
>
> **Simon Oakley**



## Will Durant sê in sy beroemde boek, 'Die storie van beskawing':

*"En as ons grootheid moet meet op die basis van groot impak op mense, dan sal ons sê: Muhammad was een van die grootste van die grotes in geskiedenis. Hy het dit geneem op homself om die geestelike en morele vlak te ophef ,van mense wat diep gegooi was in n barbaarse kultuur .Hy het geslaag om hierdie doel te bereik, wat geen ander hervormer in geskiedenis kon doen nie. Dis baie selde waar ons sien dat enige persoon uitsluitend hy,sy drome bereik, toe sy oproep begin toe was die Arabiese lande 'n dooie woestyn, bewoon deur stamme van afgodedienaars, 'n klein aantal mense wat nooit ooreenkoms kon bereik nie . Toe hy sterf, was dit 'n verenigde nasie. Hy het die randsteen van onverdraagsaamheid en bygeloof ontroei, en was gevestig oor Judaisme en Christendom en oor die ou godsdiens van sy land, kom vervang met n godsdiens wat maklik, duidelik en sterk is, wat morele gebou bevat, dapperheid en nasionale trots. Hy het in een generasie triomfeer en in 'n honderd gevegte, en in 'n eeu 'n groot nasie gevestig, wat oorbly tot vandag toe, en 'n groot krag dra in die helfte van die wêreld". (Durant, Will (1950). The Story of Civilization: The age of faith. 1st ed. New York: Simon and Schuster, vol.IV, p.174.)*

> "As ons grootheid moet beoordeel deur middel van die indruk wat die persoon het op mense, dan het Mohammed die grootste onderskeiding behaal in geskiedenis" Will Durant

Een van die grootste voormalige vyande van Mohammed (Vrede op hom) vertel ‘n wonderlike storie. Toe die brief van Mohammed (Vrede op hom) aankom by Hercules, die groot Romeinse generaal in die jaar (628 nC), en hom nooi na Islām, was Hercules bewonder en vra om een van die Arabiese manne te bring wat kennis dra oor die rigter van die brief. Abū Sufyān was besig om te handel in Sirië. (Hy was ‘n leier in die Quraish en mees vyandig teenoor die profeet op daardie oomblik). Hy roep hom en sy metgeselle na die paleis, en Hercules, deur middel van n tolk stel n aantal intelligente vrae aan hulle omtrent die opregtheid van die profeet en as hy ooit leuens vertel. Abū Sufyān se antwoorde lei na die volgende woorde van Hercules:

Ek het gevra oor sy familie afkoms, toe sê jy sy familie afkoms is goed. Al die profete word gestuur in die familie stam van sy mense. Ek het jou gevra, het enige van julle dit gesê? Jy het gesê: nee, ek het dit gesê: As enig iemand hierdie woorde voor hom moes gesê het, sou ek gesê het: ‘Hierdie man naboots die vorige profete.

Ek het jou gevra, het julle hom ooit beskuldig van leuens praat, voordat hy gesê het dat hy n profeet is? Jy het gesê nee, ek het geweet dat hy nie leuens aan mense sal vertel nie, en dan ook teen God lieg nie!

En ek het jou gevra as die ryk mense hom volg of die armes? Toe sê jy dat die armes volg hom, en dit is die arme mense wat die profete volg. Ek het jou gevra as sy volgelinge meer word of verminder? Jy het genoem dat hulle vermeer.

Ek het jou gevra of enige een van hulle sy godsdiens verlaat nadat hy dit aanvaar het? Jy het gesê dit gebeur nie, en so is dit as dit n geloof is van die hart.


En ek het jou gevra, bedrieg hy? Jy het nee gesê, en dit is so, want die profete bedrieg nie.

En ek het jou gevra wat is sy instruksies aan julle mense? Jy het genoem dat hy beveel dat God aaleen mag aanbid word en om nie vennookap te maak met hom nie, en praat teen die aanbidding van afgode, en beveel ons om te bid,eerlikheid te wees en gaafheid toe te pas .

As alles wat jy genoem het waar is ,dan gaan hy my plek oorvat en ek het geweet hy gaan eendag kom,maar ek het nie gedink dat hy uit julle nasie sal kom nie *(Bukḥāri: 7)*.



# Uit die verhale van profeet Mohammed (Vrede op hom) en sy morele waardes



Die boodskapper van God (Vrede op hom), was die beste voorbeeld van menslike moraliteit, mense uit die ooste en die weste getuig dit en selfs sy vyande. Sy karakter word ook in die Koran bevestig

Toe sy vrou Aisha (Vrede op haar) gevra was omtent sy maniere, toe antwoord sy:”Die Koran was sy karakter”, dit wil sê: Hy was ‘n praktiese model vir die toepassing van die instruksies van die Koran en morele waardes, en dit was n kort opsomming van sy morele waardes:



## Beskeidenheid:

Die boodskapper van God (Vrede op hom) het dit nie toe gelaat dat mense moet staan in sy verering nie, en hy het sy bondgenote belet van dit doen, selfs sy metgeselle, met al hul liefde vir hom het hulle nie op gestaan nie as hulle hom sien aankom nie, omdat hulle goed geweet het dat hy dt nie goedkeur nie. *(Aḥmad 12345)*.


‘Adī ibn Ḥātim een van die Arabiese leiers, het na hom gekom voor hy Islām aanvaar het.Hy wou uitvind of sy oproep die waarheid was . ‘Adī maak melding hiervan: *“Daar was ‘n vrou en twee seuns met hom, en hy het gesien hoe naby hulle aan hom was, toe weet ek (Na ek dit gesien het) dat hy was nie van die Chosroes of Caesar nie.” (Aḥmad 19381)* Beskeidenheid is die karakter van al die profete.

Hy sit met sy vriende as een van hulle, en nie rondom ‘n raad wat hom uitsonder nie en selfs as ‘n vreemdeling moes in kom wat hom nie ken nie, sou hy nie kon onderskei tussen hom en sy bondgenote nie, soos die vreemdeling gevra het: *“Wie van julle is Mohammed (Vrede op hom)”? (Al-Bukḥāri: 63)*

‘n Paar van sy bondgenote vertel ons dat met al sy aktiwiteite, het niks hom verhoed om mense te besoek en hul belange te bespreek nie, ongeag hoe klein dit mag weees. ‘n Slaafvrou het die boodskapper van God (Vrede op hom) by die hand gevat om haar belange te bespreek. *(Al-Bukḥāri:5724)*

Die beroemde bondgenoot ‘Umar ibn al-Kḥattāb het een keer die profeet Mohammed (Vrede op hom) besoek, en gesien die merke wat die matte(matte van palm blare) op sy liggaam gemaak het. Hy het begin huil en die profeet Mohammed (Vrede op hom)vra: “Wat maak jou huil?” ‘Umar het geantwoord:” O

> Die boodskapper van Islām het self sy persoonlike besittings reg gemaak en ook sy vrouens gehelp met die werk in die huis





Boodskapper van God die Chosroes en Caesars lewe in welde en jy is die boodskapper van God! Hy het geantwoord: *“aanvaar jy nie dat hierdie wêreld is vir hulle nie, en die hiernamaals sal vir ons wees nie?”(Al-Bukḥāri :3503)*

Hy het persoonlike besittings reg gemaak by homself en sy familie gedien, en het die hushoudelike werk gedeel met hulle.Sy vrou Aisha Vrede ophaar) was gevra omtrent sy huishoudelike lewe, toe antwoord sy: *“Hy was in die diens van sy familie.” (Al-Bukḥāri: 644)*

Die profeet Mohammed (Vrede op hom) het gese: *“Hy wie ‘n atom se waarde van arrogansie het in sy hart, sal nie die hemel ingaan nie.” (Muslim:91)*

## Genade:


Hy het gesê: *“Die Genadige sal genadig wees op die wie genade toon. Wees genadig op die wese op aarde, dan sal die Een in die hemele genadig wees teenoor julle.” (Abū Dāwūd: 4941)*

**Die genade van die profeet (Vrede op hom) is in verskeie opsigte geillustreer:**

### Genade Teenoor Kinders

- Die vyf daaglikse gebede is die pilaar van Islām, en geen prate of aanhoudelike beweging is daarin toegelaat nie.Die profeet (Vrede op hom) het een keer met Umāmah,sy kleindogter op sy skouer terwyl hy die gebed uitgevoer het. Wanneer hy afgegaan het in prostrasie het hy haar neergesit en wanner hy weer opgekom het in die staanende posisie, het hy haar opgetel.*(Al-Bukḥāri:494)*
- Wanneer hy sy volgelinge in gebed gelei het en ‘n klein kind hoor huil het hy vinniger gebid. Die profeet noem dit in die volgende verklaring: *“Ek bid en ek hoop om lank staan, maar as ek die gehuil van ‘n klein kind hoor, maak ek vinnig met die gebed om dinge te vergemaklik vir sy moeder.” (Al-Bukḥāri:675)*





### Genade Teenoor Vroue

- Hy aanmoedig die versorging en en die goeie hanteering van dogters. Hy het gesê: *“Daardie person wie een of meer dogters gegee word, maak hulle groot en doen die beste vir hulle, en sodoende sal hy beskerm word teen die hel.” (Al-Bukḥāri:5649)*
- Hy beklemtoon vroueregte en skenk aandag aan hul sake en beveel Moeslieme: *“Behandel vroue in die beste manier.” (Al-Bukḥāri:4890)*
- Hy het die beste voorbeelde in hoflikheid gestel teenoor sy familie, tot die mate dat hy sy knie geplaas het vir sy vrou Ṣafia om op die kameel te klim en toe sy op die kameel is,moedig hy die kameel aan om te beweeg.*(Al-Bukḥāri:2120)*
- Wanneer sy dogter Faṭima hom kom kuier het, het hy haar hand geneem en haar gesoen, en haar op sy sitplek laat sit, waar hy gesit het. *(Abū Dāwūd 5217)*

### Genade teenoor swakkes

- Die profeet (Vrede op hom) het mense aangemoedig om te sorg vir die weeskind, en het gesê: *“Ek en die een wat sorg vir die weeskind sal so wees in die Hemel, en het daarop sy wysvinger en middel vinger gewys.” (Al-Bukḥāri:4998)*
- Die een wat omsien na die weduwee en die armes is soos die een wat streef in die weg van Allah, en soos die een wat die hele dag vas, en die heel nag staan in gebed.*( Al-Bukḥāri:5661)*
- In verband met vriendelikheid aan die swakkes en hulle regte gee, dit is ’n manier van sorg en oorwinning oor vyande, het hy gesê: *“Soek vir my die swakkes, want dit is deur die swakkes wat julle (God) se hulp kry.”(Abū Dāwūd:2594)*



Die profeet Mohammed (Vrede op hom) was baie na aan die swakkes en het goedheid teenoor hulle getoon, en was ‘n bron van hulp en inkomste vir hulle

## Geregtigheid:

- Hy het die wette van God met presiesheid uitgeoefen, selfs op die naaste bloedverwant, in ooreenstemming met die Koran: *“O julle wat glo, wees standvastige getuies vir geregtigheid, as getuies vir God, selfs teen julself of julle ouers en familielede.”(Al-Nisā:135)*
- Toe sommige van die bondgenote hom vra om tussenbeide te tree in verband met die vrou wat gesteel het, en haar die straf te spaar aangesien sy van n bekende familie afgekomstig is, toe verklaar die profeet (Vrede op hom): *“In die naam van die Een wie die siel van Mohammed in sy hande het, as Faṭima, dogter van Mohammed (Vrede op hom) moet steel, dan sal ek haar ook straf.” (Al-Bukḥāri:4053)*
- Toe God rente verbode maak vir mense, het hy met sy naaste begin en sy oom Abbās, verhoed om rente ontvang van mense. Hy het gesê: *“Die eerste rente wat ek verwyder is ons rente, die van Abbās ibn Abdul Muttalib, dit is heeltemal verwyder.” (Muslim:1218)*
- Hy het die skaal van beskawing en vooruitgang van nasies so gemaak dat die swakke die vermoë het om hulle regte van die bevooreegtes kan kry en waar die swakkes nie bang of huiwerig te wees nie, die profeet (Vrede op hom)verklaar: *“Geen nasie kan heiligheid beryk nie as die swak nie sy regte kan kry nie, sonder om te vrees nie.”(Ibn Mājah:2426)*

### Liefdadigheid en vrygewigheid:

- Een person het die profeet Mohammed (Vrede op hom) vir geld gevra toe sê hy:*”Koop wat jy will hê en ek sal daardie bedrag op my vat as skuld.Toe se ‘Umr: O profeet van God hoekom aanvaar u ietse wat u nie kan behandel nie?’Die profeet het nie van ‘Umr se woorde gehou nie, die man het toe gesê:’Gee (In God se weg) en moet nie vrees dat die eienaar van die troon, (God) u rykdom sal verminder nie.’*Die profeet het geglimglag en die blydskap was didelik op sy gesig sigbaar. *(Ahādīth Mukḥtārah:88)*
- Iemand het 80 duisend silwer munte na die profeet Mohammed (Vrede op hom) gebring, hy het dit op die mat neergesit en uitgedeel.Niemand was verhoed van die geld tot al die geld klaar was nie. *(Al-Ḥākim:5423)*

> Die bronne van Islām noem dat die boodskapper van Islām nie geld gemaak het in sy lewenstyd nie



## Sy geduld:

- Die boodskapper van God (Vrede op hom) was teleurgesteld met die antwoorde en behandeling wat hy ontvang het in Ṭāif (berg dorpie sowat 90 km van Mekka), nadat hy hulle na Islām genooi het. Tydens sy terugkeer na Mekka het God ‘n engel aan hom gestuur wat hom gevra het of hy die mense van Ṭāif wil vernietig.Toe sê hy aan die engel:*”Ek hoop dat God uit hulle geslag mense voortbring wat God alleen sal aanbid , en niks vennote met hom assosieer nie. “ (Al-Bukḥāri:3059)*

- Groter as die verhaal van Ṭāif is die storie van die mense van Mekka, wat hom uit sy land verdryf het, en vir jare hom beseer het met hul tonge en hul swaarde, en herhalend pogings aangewend het om sy naam ,en wie ook al met hom was te beswadder en deur die modder te sleep. Toe die oorwinning kom van God oor die menses van Mekka het hy gevra: *“Wat dink julle gaan ek doen met julle? Hulle het gesê: (U is)’n goeie, broer, en n goeie neef. Toe sê hy:’Ek gaan sê soos my broer Yūsuf (Joseph seun van Jakob), wat sy broers vergewe het wie hom in ‘n pit gegooi het, hy sê vir hulle: Daar is geen straf teen julle vandag nie, mag God julle vergewe en God is die Genadigste.” ”Vandag is daar is geen skuld teenoor julle nie, mag God julle vergewe en Hy is die mees genadigste” (Yūsuf: 92). Gaan!Julle is almal vry “(Bayhaqi :18275)*

## Die profeet (Vrede op hom) het geen waarde aan die materialistiese wêreld geheg nie

- Die boodskapper van God (Vrede op hom), was altyd ‘n goeie voorbeeld van God se woorde*:”En moet nie kyk na wat ons aan verskeie van hulle gegee het nie (rykdom).Die voorsiening van u Heer is die beste en is ewig.”(Ṭāhā:131)*

- Sy bondgenoot ‘Umr (Vrede op hom) het op ‘n keer na hom gekom terwyl hy op sy mat gelê het sonder n matras,en die mat het merke gelos op sy liggaam.‘ Umr verklaar:” *Ek het rond gekyk in die huis en daar was niks wat die oog sou aantrek nie,ek het aan die profeet (Vrede op hom)gesê:’Vra vir God om u nasie baie rykdom te vergin.Die Perse en Romeine het al die rykdom en hulle aanbid nie vir God nie.Toe antwoord hy:Twyfel jy omtrent my posisie O seun van Kḥattāb!?Daardie mense kry hulle plesier in hierdie wêreld. (Al-Bukḥāri:2336)*

- Hy het altyd gesê:'Wat is daar vir my in hierdie wêreld, ek is maar net soos 'n reisigerwat 'n bietjie skadu vang onder 'n boom, en dan aan beweeg.' *(Tirmidhi:2377)*
- Daar het somtyds een, twee, drie maande verby gegaan sonder enige vuur vir kos kook in die huis van die boodskapper van God (Vrede op hom).Hy het maar dadels geëet en water gedrink.*(Bukḥāri:2428)* Somtyds het hy honger gebly vir 'n hele dag sonder om een enkele daadel te kry om te eet.*(Muslim:2977)*

> Die boodskapper van Islām se kondisie was soos dit van 'n reisiger wat onder die skadu van 'n boom sit en as die tydperk verstreke is, opstaan en aanbeweeg



## Beloftes na kom

- Om beloftes na  te kom is die hoogste gehalte van karakter. Dit was meer beveredigend vir die self om iets mooi te belowe en dit na te kom, en dit was die manier van die boodskapper van God (Vrede op hom).Hy het altyd beter en meer gegee as wat hy belowe het.
- Toe Hiraqal, die koning van die Christene, die ongelowiges van die Quraysh vra omtrent die karakter van die profeet (Vrede op hom), hy het gevra as die profeet(Vrede op hom) leuens vertel, toe hulle antwoord met nee, antwoord Hiraqal dat al die boodskappers het daardie eienskap, boodskappers bedrieg nie.’*(Al-Bukḥāri:7)*
- Sy vervulling van beloftes was die hoogste teenoor sy eerste vrou, Kḥadījah (Vrede op haar). Hy het altyd haar rank beskerm, en was altyd daar om haar familie en vriende  te eer.
- Aisha (Vrede op haar) vertel hoe hy die eer van sy eerste vrou, Kḥadījah (Vrede op haar) beskerm het. Sy het gesterf in die vroeë dae van Islām.Aisha, het haar nie geken nie, maar sy het sy gesê:”Die profeet (Vrede op hom) het  baie van haar gepraat en sou somtyds ‘n skaap slag en die vleis deel tussen Kḥadījah se vriende, en ek sou telkemale sê:*”Dis as of daar geen ander vrou behalwe Kḥadījah bestaan nie.Dan sal hy  antwoord:’Sy was so en so ‘n vrou..en dan sal hy haar goeie  karakter noem.” (Al-Bukḥāri:3607)*




- Daar het een keer ‘n groep van die koning van Ethiopie (hy het die Moeslieme in die begin van Isām, beskerm) na die profeet Mohammed (Vrede op hom) gekom.Die profeet(Vrede op hom) het self die groep bedien.Sy bondgenote het gesê:”Ons sal na alles sien, maar die profeet (Vrede op hom) het gesê:*”Hulle was goed teenoor my bondgenote, so ek wil dieselfde goedheid toon teenoor hulle.”(Shu’bul Imān:8704)*

Die profeet Mohammed (Vrede op hom) het die beste voorbeelde van goeie maniere en morele waardes in alle aspekte van die lewe getref om die bevel van God uit te dra en die hoogtes te bereik van die profete voor hom.

Die moskee wat die profeet Mohammed (Vrede op hom) gebou het in Medina of soos die Moeslieme dit noem, die stad van lig (die verligte stad) is die tweede heiligste moskee na die moskee in Mekka, die plek na waar die boodskapper van Allah immigreer het,gebou het en in begrawe was, en miljoene Moeslieme besoek jaarliks





# Van die woorde van Mohammed (Vrede op hom)



# Moeslieme

Moeslieme het gesorg vir die oordrag van die woorde van die profeet, (Vrede op hom)vanaf gehoorte, neerkryf en skoliere wat beheer en sorg dat die waarheid gesif word van dit wat opgemaak was, en sodoende die wêreld aangebied met 'n wonderlike stelsel in die egtheid van die nuus wat gedokumenteer was van die profeet (Vrede op hom) tot selfs in die mees akkuraatse sinne en woorde en besonderhede.Hulle het ook gesif dit wat bygevoeg was en nie deel gemaak het van die oorspronklike verklaring van die profeet (Vrede op hom) nie.

## Dit is voorbeelde van Aḥādīth (dit wat die profeet Mohammed(Vrede op hom), gesê het:

- *“Waarlik, dade word beoordeel by hul bedoelings, en elkeen sal vergoed word as gevolg van sy bedoelings “.(Al-Bukḥāri :1*
- *“Goedheid is goeie karakter, en sonde versteur die siel, en jy haat mense moet dit uitvind”. (Muslim:2553)*
- *“Vrees Allah waar ook al jy jouself bevind, en volg n slegte daad op met n goeie daad, om dit uit die weg te ruim, en behandel mense met goedheid .” (Tirmidhi:1987)*
- *“Verwerp die wêreld en God is lief vir jou, en verwerp wat in die hande van mense is, en mens is lief vir jou”. (Ibn Mājah: 4102)*
- *“My voorbeeld en die voorbeeld van die profete voor my is soos ‘n man wat ‘n huis uitstekend gebou het en slegs een baksteen in die hoek uitgelaat het, en mense het rondom die huis geloop en dit bewonder en aan hom gevra,”Hoekom is hierdie baksteen uitgelaat? Ek is soos daardie baksteen, die finaliteit van profete”.(Al-Bukḥāri:3342)*
- *“Die persoon wie sy broer help in tye van swaarkry, God sal hom help op die dag van afrekening.Die persoon wie verligting bring vir sy broer in die lewe,God sal dinge vir hom verlig die dag van afrekening.Die persoon wie die foute van sy broers bedek, God sal sy foute bedek in die wêreld en op die dag van afrekening.God help die persoon vir so lank as wat hy sy broer help.Die persoon wat kennis opsoek, God sal sy uitweg hemel toe maklik maak.Die persoon wie sy tyd vat om goeie dade te doen, sal nie gehaas word na sy geslag.”(Muslim:2699)*



*«Hy is nie een van ons as hy nie genadig teenoor die kinders is nie, en die ouderlinge (ouer geslag) eer kan toon nie.» (Tirmidhi:1920)*



> *«Niemand sal die hemel betree totdat hulle glo nie, en niemand sal glo totdat hulle lief is vir mekaar nie, sal ek julle iets leer, as julle dit doen, sal julle lief word vir mekaar?Versprei vrede (groet mekaar gereeld).» (Muslim:54)*

- *“Niemand glo retig totdat hy verlang vir sy broer dit wat hy verlang vir homself nie”. (Al-Bukḥāri:13)*
- *“Die Moesliem is die een wie se broer veilig is van sy tong en sy hand, en die immigrant vermy dit wat God hom verbied het. “(Al-Bukḥāri:10)*
- “Enige persoon wat onreg aandoen aan n nie-Moesliem, of hom laster en verneder, of hom beveel met enig iets wat hy nie in staat is om te doen nie, ek sal getuig teen daardie persoon op die dag van afrekening.” (Abū Dāwūd:3052)
- *“Die Barmhartige Een het genade op die persoon wie genadig is, wees genadig met die skepping op die aarde en die Een wie in die hemele, is sal genadig wees teenoor jou op die aarde .” (Abū Dāwūd:4941)*
- *“Die persoon wie bedrog pleeg, is nie van ons nie.” (Tirmidhi:1315)*
- *“Die voorbeeld van die gelowiges in hul liefde en genade vir mekaar, is soos die funksie van die liggaam, as een deel pyn, affekteer dit die hele liggaam met koors en pyn. “ (Muslim:2586)*
- *“ Elkeen van julle is n herder en is verantwoordelik vir die wie onder sy beskerming is, en hy sal verantwoord vir hul doen en late, die leier is ‘n herder en sal verantwoord, die man is die herder van sy familie en hy sal verantwoord vir hulle, die vrou is die herder van die huishoud en sy sal verantwoord daaromtrent, elkeen van julle is n herder en sal verantwoord vir die persone onder julle beskerming.”(Al-Bukḥāri:4892)*
- *Die mees volledige Moesliem in sy geloof, is die persoon met die beste maniere.En die beste van julle is die persone wat hulle vrouens die beste behandel.” (Tirmidhi:1162 )*

- *“Die beste van julle is die een wat sy familie goed behandel, en ek behandel my familie goed .” (Tirmidhi:3895)*
- *“God het gaafheid lief in alle dade.”(Al-Bukḥāri:5678),*
- *”Die persoon wat nie gaafheid toon nie is nie in besit van goedheid nie.”(Muslim:2592)*
- *Die bedrieër het drie kenmerke, as hy praat, vertel hy leuens, waneer hy ‘n belofte maak kom hy dit nie na nie, en as hy vertrou word breek hy die persoon se vertoue in hom.”(Al-Bukḥāri:33)*
- *“Een van die uitstekende kenmerke van ‘n gelowige persoon, hy los dit wat hom nie betref nie.”(Tirmidhi:2317)*
- *Terwyl n persoon op reis was het hy dors geword en op n waterpit afgekom, hy het in die pit geklim en sy dors geles en weer uit die pit geklim, hy gewaar ‘n hond wie se tong uit hang van dors besig om modder te lek op soek na water, hy gaan weer in die pit, die keer maak hy sy skoen vol water om vir die hond te gee. God het hom bedank deur sy sonde te vergewe. Die bondgenote het gevra:’O Profeet van God (Vrede op hom) Word ons beloon wanner ons die diere dien?Hy (Vrede op hom) het geantwoord: Daar is beloning vir die diening van enige lewende ietse.” (Al-Bukḥāri:2466).*



## Hoe beskryf die Koran boodskapper van God, Mohammed (Vrede op hom)?

Die Koran weerspieël n aantal wonderlike aspekte van die profeet Mohammed (Vrede op hom) se persoonlikheid.Sy interaksie met die mense rondom hom, wat sy moraliteit en sy menslike kwaliteite bevestig.

- Hy (Vrede op hom)is ‘n genade vir die wêrelde *(Al-Ambiyāh:107)* en nie net vir Moeslieme nie.
- Hy (Vrede op hom) is die beste skepping. *(Al-Qalam:4)*
- Hy (Vrede op hom) was baie besorgd oor die leiding van mense na Islām, en hul misleiding het hom in n toestand van kommernis gestel.Dit was ook herhaardelik beklemtoon dat sy missie was om te roep na Islām en die boodskap van Islām oor te dra ,maar leiding is in die hande van God. *(Hūd:12),(Al-An‘ām:107) en (Al-Kahf:110)*
- Maak altyd verskonings vir ander(dink altyd goed van mense)en kyk verby hul foute. (Al-Toubah:43)
- Hy (Vrede op hom)vra God op om sy vyande te vergewe totdat Hy dit verbied het. (Al-Touba :80)
- Dit is moeilik vir hom as die gelowiges swaarigheid ondervind, en hy is bamhartig en genadig teenoor die gelowiges. *(Al-Touba:128)*
- Miskien het die lengte wat ‘n paar mense by die huis van die profeet (Vrede op hom) gekuier het,hom ongemaklik laat voel, maar uit toegeeflikheid het hy stil gebly en niks gesê.. *(Al-Aḥzāb:53)*
- Hy (Vrede op hom) het n sagte hart gehad, en het sy bondgenote toegeeflik behandel, hy het hul opinie gevra in verband met besluite selfs in die mees omstrede omstandighede. *(Āl-Imrān:159)*



# Die ewige wonderwerk van Islām



Wat is die Koran?dit is daardie boek wat die mees wydverspreid is en die mees verkope is rondom die wêreld. Meer as een›n half miljard Moeslieme glo daarin.


## Die Koran is die boek van die gelowige Moeslieme wat daarin glo:

- Die woorde van God geopenbaar aan Sy boodskapper Mohammed (Vrede op hom) as leiding en lig vir mensdom.
- Die finale boek van die hemelse boeke.
- Bewaar van enige veranderinge .
- Die aanbidder in sy lees en memorisering en die toepassing van al die wette en bepalings van die Koran.

Openbaring van die Koran het deur middel van die engel Gabriel (Jibreel, Vrede op hom) geskied, toe die profeet Mohammed (Vrede op hom) die ouderdom van veertig bereik het. Die eerste openbaring was die instruksie*:"Lees in die naam van jou Here wat skape",* en daarna oor n tydperk van 23 jaar, volgens situasies en gebeure.

> Die eerste verse van die Qur'ān wat openbaar was (Lees in die naam van jou God wat jou geskape het) en was openbaar gedeeltelik oor 'n periode van 23 jaar volgens posisies en gebeurtenisse

Die Koran bestaan uit 114 verskillende hoofstukke met verskeie temas en metodes.Dit is opgestel in die hoogste graad van Arabiese retoriek en welsprekendheid, en moedig mensdom aan en nooi hulle om God alleen te aanbid.



## Van die belangrikste aspekte waarvan die Koran praat:

1. Bewys die eenheid van God en ontken die aanbidding van enige ander gode as vennote vir God.
2. Stories van die vorige profete en die vorige nasies.
3. Die bedagsaamheid van die heelal en sorgsaamheid te toon teenoor al die skepping rondom ons en om te besef God se seëninge op ons.
4. Verduideliking van die wette, bevele en bedoelings van die godsdiens van Islām
5. Verklaring van die eienskappe van die gelowiges en hul morele waardes en die waarskuwing teen slegte eienskappe.
6. Noem die gebeure van die dag van afrekening, en die beloning van weldoeners en die lot van die misbruikers.
7. Opvoeding vir die gelowiges deur kommentaar te lewer op die gebeure van die profeet van God (Vrede op hom)en sy bondgenote.

Hierdie is 'n oorsig van sommige van die voordele en eienskappe van die Koran.

## Wonderwerke in beskerming:

God het die Koran die finale boek genoem en verwys na die beskerming en bewaring van die Koran in die bors van mens, en in baie verse word daar verwysing gemaak van die beskerming van die Koran.Die Koran was beskerm deur middel van twee dinge, as enig iets geopenbaar was, was dit afgeskryf in sy teenwoordigheid, of dit gememoriseer direk uit sy mond (mondelinge oordrag), en mondelinge oordrag word nie aanvaar, al is daar n groot hoeveelheid wat daarmee saamtem,as dit nie ooreenstem met die gedokumenteerde weergawe nie. Die gedokumenteerde weergawe sal nie aanvaar word tensy dit ooreenstem met dit wat regstreeks uit die profeet Mohammed (Vrede op hom) se mond kom nie.

Terwyl Christelike teoloë erken dat daar n aantal teenstrydighede in die Evangelie (Injīl) bestaan en dit normaal weg as gevolg van die verskeidenheid van bronne wat gebruik was om die Evangelie op te stel, verskillende datums en geskiedkundige gebeurtenisse, en die aard van die indirekte openbaring, hoewel hulle tevrede is met die inhoud en dit bestempel as genoeg vir die leiding van mensdom.

Maar die feit dat enige regeverdige person moet erken dat die Koran heeltemal vry van enige teenstrydigheid is, want dit is die woord en die betekenis God, die Allemagtige, dit is beskerm en geskryf regstreeks uit die mond van die heilige profeet Mohammad (Vrede op hom) net soos dit aan hom geopenbaar was, niks meer of minder as dit nie. En almal die Moeslieme van verskillende



leerstellings en oriëntasies is in ooreenstemming met dit.

Die Koran was bewaar en oorgedra deur die verloop van tyd van geslag tot geslag, met die hoogste hoeveelheid dissipline, vaardigheid en akkuraatheid in sy skriftelike dokumentasie sowel as die mondelingse oordrag van die spesifieke maniere om die letters en klanke te uiter, en ook die beskerming van die Koran deur middel van memorisering en die groot hoeveelheid Korane in boekvorm regoor die wereld te vinde is. Op die huidige dag kan enige person so ver as China of Sentraal-Afrika ‘n afskrif vergelyk met die afskrifte van ‘n duisend jaar gelede wat in museum gevind word, hulle sal die ongelooflike waarheid ontdek, ten spyte van die verskil in jare en tale, die uitering van die letters en die reëls van die Koran is nog steeds dieselfe en onveranderd. Daar is geen verskil van ‘n kind wat vandag in Indonesië uit sy hart die Koran lees, of van Moesliem-geleerde wat in Mekka ‘n les onderwys in die Koran nie, ongeag van afstand en verskil in jare, die Koran het en sal onveranderd bly.Die Koran bevestig: *“Was dit van iemand anders as God, sou hulle baie verskille daarin gevind het.”(Al-Nisā: 82),”Ons het dit openbaar en Ons sal dit bewaar.” (Al-Ḥijr:9)*

## Grafiese en sielkundige wonderwerke:

Ons sal vind die person wat die Koran lees met konsentrasie n direkte en persoonlike ervaring ondervind en dit hou nie op om intrigie te skep vir die leser nie, in ander woorde dit is asof die Koran sy gedagtes voorgaan en dit lei, en soos hy lees,word dit meer duideliker vir hom.

Alhoewel die kunstenaar in staat kan wees daarvan om die prentjie te skep asof dit die leser volg, maar hoe die Koran die gedagtes lees en die probleme en situasies van die lesers bespreek en beantwoord voordat die vraag nog gevra was.Dit word gedoen met lesers van verskillende lande en kulture en omstandighede.

Die Koran het die kenmerkende metode om die leser se persoonlikheid, diepste geheime en swak punte te identifiseer. Van die oog af lyk dit vir die leser onregverdig, maar die Koran maak die siel wakker om daardie kwellende vrae te vra en uiteindelik antwoorde te kry.

Wanneer ‘n person die Koran lees, en hy lees die stories van die verskillende nasies van voorheen, hulle geheime en manier van denke, hulle siele en beginsels, die misleiding van sommige en die sukses van ander.Hy staan alleen en probeer om te herbereken die aantal verse en hoofstukke wat sy eie kondisies en situasies beklemtoon, maar die werklikheid staar hom in die gesig, daar is te veel om te noem.Sonder om te besef bring die Koran die leser tot beseffing, dat sy foute en potentiaal ‘n werklikheid is wat aandag nodig het, en deur middel van die Koran word die leser ferm in sy godsdiens en besef die werklikheid van die woorde: ‘Daar is net een God wat aanbid moet word.”

Die Koran bevestig:’Sê: *O My dienaars wat oortree het, moet nie moed opgee in die genade van God nie, God vergewe alle sondes, Hy is die mees Jammerhartige, Genadevol. (Al-Zumr:53)*

Die tyd wanneer verward en interne konflik die person teister sal hy vrede vind in die woorde van God: *‘En as My slawe My vra, ek antwoord die persoon as hy vra aan My, en as hy in My glo sal ek hom lei na geregtigheid.’(Al-Baqarah:186)*

Wanneer die person dink die gebeurtenisse in sy lewe is buitebeheer, en hy is nie meer in staat om dit te hanteer nie, en alles voel soos dit bo sy vuurmaak plek sal nie enige siel toets met ‘n toets wat dit nie kan weerstaan nie, en elke siel sal net kry dit wat dit verdien.*”O on God moet ons nie teregstel vir dit wat ons vergeet het of vir die foute wat ons begaan nie, en moet ons nie toets wat ons nie kan weerstaan nie en vergewe ons wees genadig ons.U is die Vriend van die gelowiges, help ons teen die ongelowiges. (Al-Baqarah:286)*

Will Durant, een van die belangrikste geskiedkundiges van die beskawing, erken dat die Koran ‘n ongelooflike effek het op mensdom. *(The Story of Civilization 13 / 68-69)*. Hy het gesê:

“Ons vind dat geleerde mense van die verlede en op die huide oomblik glo in die wette en verhale van die Koran, en deur middel van dit het hulle ook Islām as hulle godsdiens gekies vir die simple feit dat Islām ‘n eenvoudige en ware stelsel aanbied wat enige persoon kan verstaan. Islām is vry van beperkte seremonies en rituele asook vry van die aanbieding van enige afgode. Islām het mens kom leer om die sware werklikhede van die lewe in die gesig te staar sonder om moed te verloor en altyd op God staat te maak.Geen Christen of Jood wat sy godsdiens ken sal huiwer om die godsdiens van Islām te betree nie soos God bevestig in die Koran*:”Dit is nie geregtigheid om jou gesig na die ooste en weste te draai nie, maar geregtigheid geskied wanner jy glo in God, die dag van afrekening, Sy engele, die Koran,Sy profete, geregtigheid geskied ook wanneer die persoon gee vir sy familie, die weeskinders, die armes, die wie nie herberg het nie, die wie in nood verkeer en ook die slawe vrystel met weelde wat hy besit.Die persoon wie die vyf daaglikse gebede op pas en sy jaarlikse belasting op sy weelde betaal en sy beloftes nakom, wie nie moed verloor as dinge sleg gaan nie en nie vergeet van God in goeie tye nie.Die bogenoemde persone is die mense wat gosdienstig en geregtig is.(Al-Baqarah: 177)*

> “
> *Will Durant sê:*
>
> *Dit is bevestig dat baie mense van kennis en denke glo in die Qur’ān ten spyte van hu verskil in intellek en denke, en dit omdat dit ‘n ware en eenvoudige geloof is wat deur almal aanvaar word. Dit is maklik en nie dubbelsinnig nie*



# Waar kom die Koran vandaan?



'n Logiese vraag kom onmiddellik navore wanneer dit gaan oor die heilige boek van die Moeslieme (die Koran), en Mohammad (Vrede op hom): Hoekom moet ons die weergawe van die Moeslieme aanvaar in verband met die Koran en die profeet Mohammad (Vrede op hom)? Is ons nie geregtig om vrae hieroor te vra nie?

Geskiedkundiges verwerp nie die feit dat die Koran openbaar was op die tong van 'n Arabiese man, wat nie kon lees of skryf nie, hy was gebore in Mekka in die sesde eeu NC met die naam Mohammed bin 'Abdullāh (Mohammed die seun van 'Abdullāh) en geen geskiedkundige twyfel oor die bogenoemde feite nie. En soos ons lees in die Koran waar God self bevestig dat dit nie die werk van die booskapper is nie, maar die woorde van God wat hom gestuur het om dit oor te lewer, en die funksie van Mohammed (Vrede op hom) is net om die inligting aan die mense te verskaf, e die Koran aan die mense te wys, sonder om te verhoog of te verlaag.

Is dit moontlik dat Mohammed (Vrede op hom) die profeet van Islām, sy eie godsdiens vervaardig en formuleer het en dan blootgestel het aan die mense.Is dit n moontlikheid?

> As die boodskapper van Islām wou bedrog pleeg om die guns van mese te wen deur te se dat dit van God is, hoekom het hy nie beweer al sy woorde is die woorde van God nie?

Dit is wettige vrae vir die persoon wat nooit die geleentheid gehad het om die Koran te studeer nie, of die biografie van die profeet Mohammed (Vrede op hom) te lees of studeer nie.

Geskiedkundige feite bevestig dat baie skrywers gesteel het van ander skrywers se werke en dit toegeskryf het aan hulself.Hoekom sal die profeet Mohammed (Vrede op hom) die teenoorgestelde doen en die werk wat hy vervaardig het toeskryf aan God?

Die vraag wat eintlik gevra moet word, as die profeet die mense wou bedrieg deur die Koran aan God toe te skryf terwyl dit sy eie woorde was, hoekom het die profeet Mohammed (Vrede op hom)nie alles wat hy ooit geuiter het in sy lewe, toegeskryf as God se woorde nie?

Hoe maak dit sin dat die persoon wat die boek vervaardig en dan toegeskryf het aan God om die boek se status te verhef, telkemale in dieselfde boek berispe word deur God?God gee ook instruksies en stel die foute reg van die profeet (Vrede op hom)in die Koran.

Die persoon wat die Koran studeer en lees met insig weet dat die Koran nie net op spesifieke tye berispe nie maar ook in die algemeen.Die Koran het die profeet berispe oor sy familie interaksies, sy besluite as 'n leier, tot op die metodes wat hy gebruik het vir die verspreiding van die godsdiens van Islām.

Die voorbeeld van die blinde bondgenoot van die profeet (Vrede op hom)wat sy aandag wou hê terwyl hy besig was om te preek vir een van die leiers van die Quraysh, met die wens dat hy Islām sal aanvaar as sy godsdiens.die blinde bondgenoot was nie bewus dat die profeet (Vrede op hom) besig was nie en het uitgeskree na hom,"Leer my van dit wat God jou geleer het",hy het dit n aantal kere herhaal.Die profeet (Vrede op hom)het kwaad geword en sy gesig gefrons,en wou hê sy bondgenoot moet wag tot hy klaar

gepreek was.Die profeet (Vrede op hom) het weg gedraai en geweier om die bondgenoot te antwoord. Die Koran beskryf die geval in sy volleedigheid en volg dit op met verdere berisping en instruksies om dit nooit weer te doen nie.God het n heele hoofstuk van die Koran vernoem na die gebeurtenis *(Sūrah Al-'Abasa)*.Na die gebeurtenis het die profeet gereeld gesê aan die blinde bondgenoot,"Welkom aan die een wat as gevolg van ons onderonsie,my God my berispe het."

Die Koran dokumenteer n aantal gebeurtenisse waar die profeet (Vrede op hom) berispe word deur God.Sal iemand sy foute publiseer en dit dokumenteer in geskiedenis vir almal om te lees? Enige van die bogenoemde feite sal enige iemand laat huiwer om dit te publiseer.

Dit is ook gedokumenteer in geskedenis die moeilike tye wat die profeet Mohammed (Vrede op hom) en sy familie moes verduur het en hoe hy verlang het dat God verse van die Koran moet openbaar dat hy die boodskapper is en die waarheid praat, maar op daardie tydperk was niks van die Koran openbaar aan hom nie.

Die vyande van Islām het profeet Mohammed (Vrede op hom) so gehaat dat hulle hulp verneem het van destydse skoliere om hulle te help in oorlog teen hom.

Hulle was instruksies gegee om hom drie vrae te vra, en as hy kan antwoord is hy n ware profeet van God.Hulle het voortgegaan met die vrae en profeet Mohammed (Vrede op hom) het uitdagend geantwoord dat hy die volgende dag die antwoord sal gee.

Openbaring van die Koran het gestop vir n paar dae en elke keer as die vyande van Islām verby die profeet Mohammed (Vrede op hom) loop, het hulle hom gespot, want hy kon hulle nog nie n antwoord verskaf nie. Die profeet Mohammed (Vrede op hom) was baie hartseer oor die situasie wat hy hom in bevind het, en openbaring het na 15 dae eers gekom.God het ook instruksies gestuur met die openbaring, moet nie versekerd wees van jou antwoord as jy nie gesê het:"Met die wil van God.*"Dit was ook n les van God aan sy profeet Mohammed (Vrede op hom).(Al-Kahf:42)*



## Aanhoudende aantuigings:

Dit is verstommend dat die lewensverhaal van Mohammed (Vrede op hom) kan getuig as bewys vir sy opregtigheid.

Hoe 'n ongeletterde man wat nie kon lees of skryf nie, geen kontak met die geleerdes van die tyd gehad nie, tussen mense gelewe wat ook ongeletterd was, nooit deel geneem het in die aanbidding van afgode nie, maar gewerk as n herder en later as 'n handelaar vir sy familie vir die eerste veertig jaar van sy lewe.Skielik vertel hy verhale van nasies van tevore, inligting wat hulle nie ontvang het van hul voorvaders nie.Hy het ook verhaal hoe die wêreld ontstaan het en van vorige profete en die nasies na wie hulle gestuur was.Hy het ook van wette vertel wat toegepas kan word deur enige persoon wat gewillig was om dit toe pas.

Hierdie waarheid het die vyande van Mohammed (Vrede op hom) met 'n harde skok. Watter aanklag kon bemark word, om mense te waarsku teenoor Mohammed (Vrede op hom)?

Dit is moeilik om te beweer dat die Koran deur Mohammed (Vrede op hom) geskryf is, dit maak nie sin vir die persoon wat die Koran lees met insig nie, en dit is ook ontmoontlik dat hy dit êrens geleer het, want hy het tussen sy mense gelewe en hulle het sy geskiedenis geken. Hulle het hom begin beskuldig van allerhande dinge.Hulle het beweer die profeet Mohammed (Vrede op hom) het die Koran gekry van die vorige nasie, daarna het hy dit weer opgemaak homself en hy verhaal stories van sy drome wat hy

> So was dit die geval met al die vorige profete (Vrede op hulle), toe die vyande nie die aantuigings teen hulle kon bevestig nie, het hulle die profete beskuldig dat hulle towenaars en mal mense was.

gehad het. Die vyande van profeet Mohammed (Vrede op hom) kon nie hulle bewerings versterk met bewyse nie en het dan beweer hy is n towenaar, digter en laastens hy is n mal mens.

Dit is dieselfde verhaal net met verskillende name. Was die profeet Moses (Vrede op hom) nie beskuldig daarvan dat hy n towenaar was nie? Was die profeet Jesus (Vrede op hom) nie beskuldig daarvan dat hy n mal man was nie?

Dit is dus met al die profete van oud, (Vrede op hulle), wanneer hulle vyande niks bewyse gevind het vir beskuldigings nie, het hulle beweer die profete (Vrede op hulle) is towenaars of hulle is mal mense. Dit is die gedrag van mense wat bewerings maak sonder bewyse, en wanneer hulle nie hul sin kry nie, versprei hulle leuens in die hoop dat iemand êrens dit sal glo.

## Hoekom beskou ons dit nie as die werk van'n meesterbrein nie:

Almal is van die opinie dat God die menslike verstand ongelooflike kapasiteit en kreatiwiteit gegee het, maar dit is normal dat die verstand ook net tot 'n sekere punt kan produseer en daar beperkings is op die perke van die verstand geplaas



is.Die verstand getuig ook dat daar n God bestaan en daar is lewe agter die dood, waar elke persoon verantwoordelikheid moet neem vir sy doen en late.Kan die brein met sy beperkings, die geringste besonderhede, sonder bewyse voor hom, bevestig?

Die persoon wie die Koran lees met insig, sal duidelik die riglyne van die geloof identifiseer.Dit beskryf die genot van die hemele en die straf van hel, die hekke van beide, en die engele wat in beheer is van die hemele en hel.Die Koran het ook inligting van die werklikheid van die bestaan en die skepping van mensdom.Op watter logiese teorie is dit geformuleer?

Dit kan nie deur enige intellekuele persoon of meesterbrein bereik word nie. Dit is of leuens, valsheid en spekulasie, of dit is ‘n waarheid wat net deur die studie van die Koran bereik kan word.


Daar is bevind dat die moderne wetenskap saam stem met sommige feite van die Koran, en terselfde tyd stem dit saam met die vorige hemelse openbarings in verband met sake van die onsigbare natuur.

## Miskien is dit ‘n boek wat geherformuleer is:

Kom ons oorweeg vir ‘n oomblik die moontlikheid. Is dit selfs moontlik dat hierdie inligting afgelei kon word uit die boeke van die vorige profete (Vrede op hulle?

Bo en behalwe die feit dat Mohammed (Vrede op hom) ongeletterd was en nie kon lees of skryf nie, en meeste van sy mense was ook ongeletterd, en hy het geen kontak gehad met die mense wat kennis gedra het nie, behalwe die kort tyd wat hy en sy familie op reis was. Die geskiedkundiges bevestig ook dat die skoliere van oud hulle kennis ‘n geheim gehou het en nie maklik met enige iemand gedeel het .Hulle wou die posisies wat hulle beklee beskerm en inligting was nie maklik beskikbaar in daardie tyd nie.

Ten spyte van al die feite, die Koran stem nie saam met al die vorige openbarings van oud nie, en enige navorser sal hierdie feit kan identifiseer.Dit het verbeteringe en korreksies kom aanmeld van die foute wat die vorige skoliere bygevoeg het.Dit voltooi stories wat hulle onvolleedig gelaat het, en kennis wat hulle per opset uitgelaat het.Dit het ook duidelikheid kom bring aan die woorde van die vorige profete (Vrede op hulle), en hulle godsdiens kom bevestig.Die Koran is vol voorbeelde van hierdie feite.Is dit moontlik nadat al hierdie inligting in verband met hulle gedrag en geheimsinnigheid met hulle kennis, kon enige persoon ‘n student was van hulle?



## Historiese feite:

Enige regverdige navorser sal vir ‘n oomblik stop en dink oor die feit. Was die die boodskapper van Islām Mohammed (Vrede op hom) nie ‘n Arabier nie?

Geskiedenis getuig dat die Arabiere geen kuns gehad het behalwe dat hulle die arabiese taal gemeester het, en die stamme het vergader en mekaar aangespreek met gedigte en poësie wat hulle teen mekaar uitgespreek het.Die stam se posisie kon verlaag of verhoog word deur middel van die gedigte en poësie wat hulle uitgespreek het teen mekaar!

Die boeke van geskiedenis getuig ook dat wanneer enige persoon gedigte en poësie gedokumenteer het, die Arabiere sy werk bestudeer het en al sy foute en tekortkominge blootgestel het.Hulle sou hom oppoor en sy foute aan hom blootstel en hulle sou terselfde tyd sy foute korrek, dit was hulle sterkpunt en hulle was baie trots daar omtrent.

Hoe kan hulle aartsvyand Mohammed (Vrede op hom) hulle uitdaag om ‘n soortgelyke boek soos die Koran te bring, of n gedeelte daarvan, en hulle is nie staat om te reageer op die uitdaging nie, hulle vermy liewer die uitdaging en bly net stil!

Het die profeet Mohammed (Vrede op hom) nie gevrees dat die Arabiere sy uitdaging sal anvaar nie, (die Arabiese taal was hul sterkpunt en hulle was baie trots daarop) en enkele persone of groepe kanse sal neem om hom te verneder en te bewys sy boodskap is leuens nie!

Veronderstel die profeet Mohammed (Vrede op hom) het dit gewaag want hy het die vermoëns van die mense daardie tyd geken, hoe het hy geweet die geslagte in die toekoms  tot die dag van afrekening, sou nie die vermoë het as hulle bymekaar mos kom om ‘n soortgelyke boek of n deel daarvan voort te bring nie?

In werklikheid is dit n risiko wat geen mens sal durf nie, behalwe die persoon wie se hart gevul is met vertroue en sekerheid oor dit wat hy praat.Nie die Quraysh of die mees gesoute Arabier in sy kuns kon nie die uitdaging slaag nie, en die persoon wat probeer het, het geheel en al misluk en n bespotting gemaak van homself in die geselskap van die wie die arabiese taal gemeester het.

## Die hoofstuk van Inleiding:

Dit is die belangrikste hoofstuk in die Qur'ān en word daagliks herhaal deur Moeslieme in hul gebede, hier volg 'n kort opsomming van die bedoeling:

### *Die bedoeling van Sūrah Fātiḥa*

| | |
|---|---|
| *In die naam van God die mees Genadigste en die Een wat voortdurend Genadig is* | Erk begin die naam van God en eer Sy Allemagtigheid, en noem Sy eienskap van genade, daardie eienskap van genade wat almal en alles dek |
| *Alle dank en prys kom God toe hy is die Heer van al die wêrelde* | Ek prys al God se eienskape, dade en gunse , dit wat in die openbaar is en dit wat in die geheim is, met sy liefde en skitterendheid. Hy is die Skepper, die Eienaar, die Vooraanstaande van alle wêrelde en alle skepping |
| *Die Genadige, en die Een wat voortdurend Genadig is* | Die bedoeling van die eienskap van genade wat alles behels in alle omstandighede, genade wat getoon word in normale omstandighede aan almal en die spesiale genade wat getoon word aan die eerbiedige slawe |
| *Die Eienaar van die dag van afrekening* | Die Eienaar en Kondukteur in die uitoefening van belonging en straf |
| *U alleen aanbid ons en U alleen vra ons om help* | Ons dien U alleen in ons aanbidding, en ons skryf geen vennoot toe aan U nie in enige vorm van aanbidding, ons vra U alleen om help in alle omstandighede, en alle omstandighede is in U hande en niemand het 'n deel daarin nie |
| *Lei ons op die regte pad* | O God dui aan die regte pad vir ons en lei ons na dit en maak on standvastig op die regte pad tot ons U ontmoet |
| *Die pad van diegene wat U guns verdien het* | 'n Uitweg wat deur U geseën is en standvastig deur die profete (Vrede op hulle) gevolg was en deur die opregte mense wat kennis gedra het van die waarheid. |
| *Nie n pad wat U se woede verdien nie en ook nie 'n pad wat ons in verdwaalskap sal lei nie* | Dryf ons weg van 'n uitweg wat die woede en ontevredenheid van God verdien, van diegene wat die waarheid geweet het maar nie gevolg nie , en diegene wat die waarheid verloor het en in verdwaalskap verkeer |
| *Amen* | O God aanvaar en antwoord |

## Finale Opmerkings:

Ten spyte van alles, almal het hulle eie standpunt wanneer dit kom by die Koran, en dit kan geasosieer word met die manier van lees, hoe ons die verse verstaan, en wat ons verstaan van die Koran en sy vertaling, asook watte spesifieke vertaling van die Koran ons gebruik as ons nie arabies ken nie nie

Die Koran bevestig dat die grootse oortuiging wat ons sal vind dat die profeet Mohammed (Vrede op hom) die ware en laaste boodskapper van God is,is direk resultate van ons harte en verstand nadat ons die Koran gelees en verstaan het. Die Koran bevestig:*"Is dit nie genoeg dat Ek die Koran gestuur het as n genade en n erkenning vir die mense wat glo."(Al-Ankabūt:51)*

Die Koran nooi een en elk om dit te studeer en te lees met insig, en net die wie se harte en verstand nie oop is nie, sal weier.





# Wat is aanbidding in Islām?



## Is God behoeftig vir ons aanbidding?

God, die Allemagtige is nie behoeftig vir ons aanbidding en ons goeie dade nie, bevryding en verlossing in Islām is nie net die rituele, formaliteite, en finansiële belasting nie, maar dit word bereik deur die persoon se opregte poging om God te dien en en dit sal hom sielkundig goed doen, en hy sal dan strewe om gemeenskappe te bou en n voorbeeldige persoon in sy gemeenskap te wees.

## Is God behoeftig vir ons aanbidding?

God, die Allemagtige is nie behoeftig vir ons aanbidding en ons goeie dade nie, bevryding en verlossing in Islām is nie net die rituele, formaliteite, en finansiële belasting nie, maar dit word bereik deur die persoon se opregte poging om God te dien en en dit sal hom sielkundig goed doen, en hy sal dan strewe om gemeenskappe te bou en n voorbeeldige persoon in sy gemeenskap te wees.

God bevestig in die Koran:*"Mensdom en onmenslike wese (jinn) was geskep vir niks ander rede maar om My te aanbid nie,en Ek sorg vir sy lewensbestaan en voedsel.God is die Een wat verantwoordlik is vir almal se lewensbestaan en Hy is die eienaar van mag." (Al-Dhāriyāt:56-58)*

Som mense vra wat is die rigting van aanbidding, want die rigting is na Mekka, dit moet genoem word aan hulle dat aan die hart van Islām, is opregte geloof in God, konsentreer op die wette van God en wees n voordeel vir jou medemense. Islām is nie net n kwessie van rigting nie.Die Koran bevestig:" *Dit is nie geregtigheid om jou gesig na die ooste en weste te draai nie, maar geregtigheid geskied wanner jy glo in God, die dag van afrekening, Sy engele, die Koran, Sy profete, geregtigheid geskied ook wanneer die persoon gee vir sy familie, die weeskinders, die armes, die wie nie herberg het nie, die wie in nood verkeer en ook die slawe vrystel met weelde wat hy besit.Die persoon wie die vyf daaglikse gebede op pas en sy jaarlikse belasting op sy weelde betaal en sy beloftes nakom, wie nie moed verloor as dinge sleg gaan nie en nie vergeet van God in goeie tye nie.Die bogenoemde persone is die mense wat gosdienstig en geregtig is." (Al-Baqara:177)*

Die Koran bevestig telkemale dat die pesoon wat gedurig in aanbidding van God is, voordeel sal trek daaruit en suksevolle resultate sal getuig.Die teenoorgestelde is vir die persoon wie die aanbidding van die hand wys, God is nie behoeftig vir ons aanbidding nie.Die Koran bevestig:*"Die persoon wie strewe in sy aaanbidding, doen so vir sy eie voordeel, God is nie behoeftig aan ons aanbidding nie."(Al-Ankabūt:6)*




Die tydperk toe sommige mense verwar was met die rigting van gebed , wasdit bevestig dat die werkilikheidvan geloof nie net die rigting van gebed na Oos of Wes behels nie, maar dit sluit in om ‘n opregte mens te wee swat opregte dade uitoefen en ‘n voordeel is vir ander mense

## Die pilare van Islām:

Die belangrikste dade van aanbidding in Islām is soos volg:



Glo in God en glo dat God alleen is,en net Hy moet aanbid word en Mohammed (Vrede op hom) moet gevolg word en dat hy die boodskapper van God is. (Kyk op bladsy 30)



Om die 5 daaglikse gebede op te pas (Kyk op bladsy 98)



Om die noodwendige finasiële belasting te gee jaarliks *(zakāh)* (Kyk op bladsy 102)



Om te vas die maand Ramadān (Kyk op bladsy 104)



Om die pelgrimsreis te onderneem na die Huis van God in Mekka vir diegene wat finansieel en fisies in staat is. (Kyk op bladsy 106)

## Hoekom is daar godsdienstige verantwoordelikheid en toetse?

Die vrae word herhaardelik gevra,"Hoekom gee God ons n mond, tande en n spysverteeringstelsel en dan gee Hy ons die instruksie om te vas.?Hoe gee God ons mooiheid en begeerte en dan die instruksie om dit te vermy en om ons reinigheid te behou?"Somtyds het sommige van ons die vermetelheid om te vra,"Hoekom het Goed ons sterkte gegee en ons kan nie die swakkes neerdruk nie?"

Die feit is baie duidelik in Islām, God het ons die vermoëns en kragte gegee om te beheer, nie sodat die kragte ons beheer nie. God het jou n perd gegee omte ry en beheer, nie die teenoorgestelde nie.Ons liggame en kragte is soos ons perde,ons beheer dit en nie die teenoorgestelde nie.

Dus is die status en die uitstekende merkwaardigheid van mensdom in die vermoë om sy lustigheid en begeertes te beheer en sy sterkpunte te gebruik in ietse wat hy voordeel van kan skep.Dis hoe God mens voorberei vir die toetse wat hy Hy op hulle sal plaas. Mensdom is geskape om die toetse van God te hanteer.

Soos die Koran verklaar: *"Voorwaar Ons het die mens geskape uit sperm sodat Ons hom mag toets.God sien en hoor alles.Ons het hom gelei na n spesifieke weg,is hy dankbaar of ondankbaar."(Al-Insān:2-3)*

Alles wat ons invloed van rampe en toetse is maar net ekstra toetse om ons geloof, morele waardes, omstandighede en en ons te herhinner aan die woorde van die Koran:*" Ons sal jou toets met vele ietse, met vrees, honger, verlies van geld en lewens en vrugte.Goeie nuus vir die persone wat geduld het.Hulle is die persone wanneer n ramp hulle tref sê hulle, waarlik ons kom van God en na Hom is ons terugkeer." (Al-Baqarah:155-156)*

Die lewe op die aarde is is die plek waar ons opregtigheid en ons morele vooruitgang of agteruitgang getoets word, en alhoewel God ons genoeg geleenthede gee om opregtigheid te bereik, het ons nogaltyd keuses in die saak. God het die aarde vir ons maak om te vertoef daarin en mensdom te bevoordeel en te leer van ons foute en terug te keer na God om vergifnis wanner ons foute begaan. Die profeet Mohammed (Vrede op hom) het gesê:*"As ons nie sonde en foute begaan het nie, sou God ons verwyder en mense voortbring wat sonde maak en foute begaan, net sodat hulle God om vergifnis kon vra as hulle foute begaan." (Muslim:2749)*



> Die status vanmense se meerwaardigheid is in sy behoefte omsy menslike begeertes in toom te hou en dit te lei na ietse wat voordelig is

# Aanbidding *(Ṣalāh)*

Telkemale in die verlede sou mense bevraagteken die wonderlike sig wat hulle of in lewende lywe of via die media getuig het, van Moeslieme wat n spesifiekie rigting draai en die aksies van hulle gebed uitoefen, (staan, buk en hul voorkoppe op die grond plaas) asof hulle heeltemal afgesny is van die wêreld om hulle.

## Wat is die gebed van die Moeslieme?

Dit word beskou as die tweede pilaar van Islām, na die uitspraak van die twee veklarings van die godsdiens van Islām.

Die profeet van God (Vrede op hom) het gesê: *“Islām is gebou op vyf pilare, dat daar geen God behalwe God alleen is nie, Mohammed (Vrede op) is die boodskapper van God, en die gebede uit te voer 5 keer per dag ..” (Bukḥāri:8)*

Moeslieme word beloon vir sy gebede, soos Islām ons leer, die persoon word beloon volgens sy pogings om sy hart te reinig, sy bedoeling speel ook n groot rol en die poging wat hy aanwend deur te strewe vir God se plesier en vir nabyheid aan God.Die nabyheid van die persoon aan God in sy gebed sorg vir rus en vrede vir sy sielkundige staat, en vir die rede was die 5 daaglikse gebede die mees belangrikste in die lewe van die profeet Mohammed (Vrede op hom).-

Die Koran gee ons die intsruksie om die 5 daaglikse gebede op te pas, en hierdie aksie sorg dat die ledemate, verstand en hart in samewerking met mekaar verkeer. As die gebede op so ‘n manier gedoen word, sal dit dien as aanmoediging om ander goeie dade ook te doen. Dus, om God te onthou onder enige omstandighede is een van die beste dade wat ‘n mens kan doen.

God sê (interpretasie van die betekenis): *“Lees van die Koran wat aan jou geopenbaar was en pas die 5 daaglikse gebede op, waarlik hierdie gebede sal jou weg hou van dinge wat belet was by God, en om God te onthou is van die beste dade, God weet van alles wat julle doen.”(Al-Ankabūt:45)*

Wie ook al word vermoed dat gebed net ‘n fisiese aksie is, wat voorafgegaan word deur die ledemate te was en skoon te maak, mis die feit dat daar bewegings en verklarings in die gebed is wat God hoog maak.Die eerste verklaring wat die slaaf maak as hy sy hande oplig is (Allahu Akbar) , God is die Allemagtigste an as hy in die bukkende posisie gaan en sy hande op sy knieë plaas(rukū) en besef, dat hy niks kan doen sonder dat God dit goedkeur nie, noem hy dat loftigheid aan God behoort, en niemand anders nie, na dit plaas hy sy voorkop en die punt van sy neus op die grond(sajdah),en fluister weer, alle lof kom God toe. Dus die gebed van die Moeslieme is nie net fisiese aksies nie, maar n betekenisvolle oomblikke wat die slaaf en God verbind.Die selfde God wat verantwoordelik is vir sy sukses en bestaning.



> Die gebed was die grootste plesier van die profeet Mohammed (Vrede op hom)



*Masjid Al-Ḥarām* (Moskee in Mekka) is die belangrikste moskee vir die Moeslieme, dit is waar die kubus vormige gebou (ka'ba) wat die profeet Ibrāhim (Vrede op hom) gebou het te vinde is, en die Moeslieme reg oor die wêreld word beveel in die Qur'ān om in die rigting van die ka'ba te draai in hulle daaglikse gebede, Moeslieme glo dat hierdie gebou nie voordeel of nadeel kan verskaf nie

God het 5 gebede noodwendig gemaak  op die Moeslieme, vyf gebede elke dag en nag.Dit mag gedoen word op enige plek, maar die slaaf word aangemoedig om dit in die moskee te doen, sodat Moeslieme mekaar kan leer ken en een groot gemeenskap word wat mekaar help met wêreldsake en godsdienstige sake.

Islām moedig ook die Moeslieme aan om so meer as moontlik die gebede wat van vrywillige natuur is, te doen.

Moeslieme lei hulle gebede in die rigting van die (Ka‘bah), die gebou in die weste van Mekka wat deur profeet Abraham (Vrede op hom), gebou was.Hy is ook bekend as die Vader van die profete (Vrede op hulle). Die profete (Vrede op hulle) het die pilgrimsreis onderneem na die Ka‘bah en Moeslieme weet dat dit ‘n klipsteen gebou is wat hulle nie voordeel of benadeel nie.God beveel ons om in die rigting van die Ka‘bah te staan as ons bid.

## Die *Adhān* (Roep na aanbidding)

Dit is dan die roep wat mense notifeer dat die tyd van ‘n spesifieke gebed het aangetree en Moeslieme moet versamel in die moskee op die gebed uit te dra.

Dit is ‘n manier om God te onthou en Sy melding te verhef, en dit berei Moeslieme voor om die gebed by te woon, met die volgende woorde:

1- God is die Allemagtigste, God is die Allemagtigste, God is Allemagtigste, God is die Allemagtigste.

2- Ek getuig dat daar geen God is nie, behalwe God, ek getuig dat daar geen God is nie behalwe God.


3- Ek getuig dat Mohammed die boodskapper van God is. Ek getuig dat Mohammed die boodskapper van God is.

4- Kom na die gebed, kom na die gebed.

5- Kom na sukses, kom na sukses.

6- God is die Allemagtigste, God is die Allemagtigste.

7- Daar is geen God behalwe God nie.



# *Zakāh* (Finansiële belasting)

Almal is seker dat daar ‘n dringende oplossing gevind moet word om die gaping toe te maak tussen die skatrykes en die brandarmes, en tensy die gaping nie gevul gaan word nie, gaan gemeenskappe in allerhande korrupsie betrokke word en dit lei na ontwrigting van gemeenskappe. Daar is baie ekonomiese, intellekteule en wettige stelsels in plek om die probleem te behandel. Hoe behandel Islām die probleem?

God het dit noodwendig gemaak op die ryk Moeslieme om elke jaar 2.5% van hul surplus rykdom te spandeer op die armes en die wie dit benodig.Dit is ook die derde pilaar van Islām.

Dit is nie ‘n guns wat die rykes aan die armes bewys nie, dit is ‘n reg wat die armes het oor die surplus rykdom van die rykes.Dit bereik die armes sonder dat hulle hoef te vra daarvoor en sorg sodoende dat hul skaamte bedek word.

Die klein bedrag is die minimum bedrag wat verpligtend gemaak is, die rykes kan enige bedrag gee wat hulle wil, die maksimum bedrag is in hul hande.Hulle sal vind die meer hulle spandeer vir die plesier van God, dit terug betaal word met goeie gesondheid, meer rykdom en sukses in die hiernamaals.

Die Koran bevestig:die persoon wat hulle geld vir die bevrediging van God spandeer,is soos die koringkorrel want geplant word en sewe keer die getal voortbring as hulle ryp word, en elke eer van koring het ‘n 100 koringkorrels en dus bereik die getal 700.God sal die persoon beloon as gevolg van sy opregtigheid en sê God is die mees vrygewigste en weet van alles tot betrekking van Sy skepping. Die Koran verklaar:” *Diegene wat hul geld spandeer in die weg van God is soos ‘n korringorrel wat sewe ere koring voortbring en elke eer, het n honderd koringorrels en God verdubbel wie Hy wil, en God weet omtrent alles.” (Al-Baqarah:261)*



“

Dit is nie ‘n guns wat die rykes die armes bewys deur hulle jaarlikse belasting te betaal *(zakāh)* nie, maar die reg wat die armes het oor die rykdom van die rykes, en dit bereik die armes sonder om hulle enige vernedering te veroorsaak

Die Koran verklaar, om jou rykdom te spandeer op die minder bevooregtiges is reiniging vir die siel.God spreek die profeet Mohammed (Vrede op hom) aan in die Koran:*"Vat van die rykdom en spandeer dit in liefdaadigheid om hul siele te reinig."(Al-Toubah:103)*

Die Koran bevestig ook dat die suinige persone die verloorders sal wees op die dag van afrekening, nie net het hy homself ontneem van goed doen nie, hy het ook die arme ontneem van geleenthede.

Volgens die Koran: *"Hier is julle, diegene wat genooi word om te spandeer vir die plesier van God, maar tussen julle is diegene wie suinig is en hulle sorg net vir hulself, God benodig niemand en as julle wegdraai, sal God julle vervang met ander mense wat niks soos julle is nie." (Muhammad:38)*

Die toepassing van hierdie belangrike pilaar van Islām, sorg daar n soort verantwoordelikheid tussen medemense heers en 'n balans ontwikkel tussen die verskillende groepe in gemeenskappe.Deur zakāh te betaal aan diegene wat dit toekom verseker ook dat geld nie sirkuleer onder die rykes nie, in die verlede het Moeslieme rond gegaan en kon niemand vind wat zakāh benodig nie.

Dit bring ook n soort van eenheid en liefde, die menslike siel is geneig om lief te wees vir die een wie goed doen vir hom.Die end resultaat sal dan wees dat elke Moesliem lief sal wees vir mekaar, met goeie verstaning en solied soos n gebou, en dan sal kriminele aktiwiteite ook verminder.

> Die Qur'ān maak die voorbeeld van 'n persoon wat sy geld spandeer om die plesier van God te verdien, soos die korrel van graan wat geplant word en sewe oese van graan voortbring wat vermenigvuldig word met die honderd mielies wat dit dra en uiteidelik sewe honderd bereik.



## *Vas*

Ons almal bewonder diegene wat homself kan beheer met voedsel en drank vir gesondheids redes, om gewig te verloor of om die dokter se instruksies te volg.Ons beskou dit as n sukses as ons beheer het oor ons begeertes om ons doel te bereik.

Die Moeslieme bereik groter voordele deur te vas, hy ondergaan opleiding om sy begeertes te beheer om sodoende die instruksies van God uit te dra.God is die beste van die wie beoordeel.

Vas is die vierde pilaar van Islām en om te voldoen aan die vereistes van die vas moet ‘n persoon weg bly van sekere ietse, noemlik : kos, drank en seksuele omgang met sy vrou elke dag van sonsopkom tot sonsondergang in die maand van Ramadān, die neënde maand van die Islamitiese maankalender

> Die profeet van Islām waarsku die persoon wie nie sy kondisie en morele waardes verander nadat hy gevas het nie, het niks voordeel getrek van sy vas nie

Die Koran lig ons in dat die vorige nasies gevas het, hoewel dit op verskillende maniere geskied het, maar die doel het dieselfde gebly, om God te onthou en aanbid.

God het in die Koran bevestig: *“O julle wat glo, vas is vir julle voorgeskrywe soos aan die nasies voor julle sodat julle godvriesend kan wees.” (Al-Baqarah:183)*

Wanneer ‘n Moesliem oorwinning behaal het oor sy begeertes vir n spesifieke aantal ure elke dag vir ‘n spesifieke paar dae, kan hy dit meester vir die ander dae ook en sodoende homself beskerm van onwettige dade doen.Dit is vir die rede dat die profeet Mohammed (Vrede op hom) ons ingelig het, die persoon wie se omstandighede nie verander deur middel van sy vas nie het niks voordeel betrek nie.Die profeet Mohammed het gesê:*”Die persoon wie nie onwettige prate en aksies kan vermy nie, God benodig nie dat hy sy kos en drank moet los nie.” (Al-Bukḥāri:1804)*

> Die Koran lig ons in dat die vorige nasies gevas het, hoewel dit op verskillende maniere geskied het, maar die doel het dieselfde gebly, om God te onthou en aanbid.

Die honger en dors van die persoon wie vas is die grootste aansporing vir hom om die arm en honger mense wat nie kos kan of drink kan bekostig nie, te help.



> Wanner Islām die noodwendige vas op die Moeslieme oplê is dit om hulle te herhinner aan die persone wie honger lei en hulle behoeftigheid aan kos

# *Ḥajj* (Pilgrimsreis)

Mees godsdienste het n spirituele reis wat hulle onderneem om hulle toegewydheid aan hulle God te toon.Die beste en merkwaardigste reis word bepaal deur die aantal mense wat jaarliks die reis onderneem. Die ḥajj sien elke jaar ongeveer 3 miljoen Moeslieme in n klein gebied versamel vir die aanbidding van God.

Wat is Ḥajj in Islām?

Ḥajj is die vierde van die pilare van Islām, en moet ten minste een keer onderneem word vir diegene wat die finansiële en fisiese vermoë het.



Dit is n merkawaardige reis waar klas, nasionalisme, kleur en rykdom nie n rol speel nie.Almal die pligrims dra dieselfde klere en dit is dieselfde kleur ook en almal roep uit na God op dieselfde manier met dieselfde woorde. Dit is die weerkaatsing van die verhouding tussen die slawe en God,”Ek is hier teenwoordig O God, ek is teenwoordig, ek is teenwoordig, U het niks vennoot, ek is teenwoordig, alle prys  en guns kom U toe en die wêrelde behoort aan U, U het niks vennnote, ek is teenwoordig. Ek het reageer op U instruksie my Heer, ek het reageer op U instruksie my Heer, ons kom terwyl ons uitroep met ons tonge maar ons getuig in ons harte dat U die enigste God is en verdienend van ons aanbieding, U is geregtig aan ons lof en prys, U is die Skepper,U gee gunse en U is die Koning, daar is geen ander soos U.

Ḥajj is a reis van aanbidding wwaar die Moeslieme spesifieke ietse uiter en doen en gedurig vir God onthou en aanbid.Dit bewys ook die afhanklikheid aan God en smeek God vir vergifnis en beloning.Die profeet Mohammad (Vrede op hom) het gesê:*”Die loop rondom die Ka’bah, die sa’ee( loop van Ṣafa na Marwa) is deel van die ḥajj om God gedurig te onthou. “ (Ibn Abī Shaybah :15334).*



Die doel van die kleredarag van Mekka nadat die persoon sy normale klere uitgetrek het en die twee stukke kleding van die pilgrim aangetrek het, is om hom  oor te handig aan God en ook te herhinner dat almal ewe gelyk is



# Die waarde van familie in Islām

Dit is waar dat baie hedendaagse gesinne net ‹n groep individue is met dieselfde sleutels vir een huis!


Ongelukkig is die meerderheid jonk mense ongewillig om die verantwoordelikheid te neem om te trou en kinders in die lewe te bring.Wat verhoed hom om sy lus te vervul sonder om verantwoordlikheid te aanvaar daarvoor?

Terwyl hierdie neiging merkwaardig gestyg het in die era, was dit die neiging van mens sedert die begin van tyd.Dit is in werklikheid ‘n neiging van naïewe individuele belang en selfsugtigheid.Sulke persone gee nie om vir die gesteldheid van gemeenskappe en die nagevolge nie.

Islām konsentreer meeste van sy aandag aan die stelsel van familie, die regte en verpligtinge wat familie lede het teenoor mekaar.Die familie en hul tuiste is die hart van opvoeding en opleiding, en deur middel van sterk familie waardes sal die gemeenskap ook n vooruitstrewende gemeenskap wees.

## Die bogenoemde stelsel verskyn in ontelbare bepalings:

1



### Islām dring daarop aan dat huwelik die beginsel van familie lewe is:

- Islām beklemtoon hoe belangrik huwelik en die stigting van familie is, dit was die lewenstyl van al die profete van God (Vred op hulle).Die feit dat die profeet Mohammed (Vrede op hom) sy bondgenote aangeraai het om te trou bestempel dit, hulle wou hulle toewy aan die aanbidding van God sonder om te stop.Hulle wou vas sonder stop en wou nie in die huwelik tree nie.Hy het aan hulle verhaal,*”Ek vas en ek eet,ek bid, maar ek slaap ook, en ek trou vrouens.Die persoon wat nie my voorbeeld volg nie, kan nie van my ware volgers wees nie.” (Al-Bukḥāri: 4776)*
- Wanneer die Koran praat oor die gunse en die tekens wat God op mensdom openbaar het, begin dit met die vrede, liefde en verstaning wat God tussen man en vrou geplaas het, soos die Koran bevestig:*”Die feit dat Ons mensdom geskape het in pare sodat hulle in vrede met mekaar kan verkeer, en tussen hulle was liefde en genade geplaas vir mekaar.”(Al-Rūm:21)*
- Die profeet Mohammed (Vrede op hom) het ook verklaar dat God dit moontlik sal maak vir einge persoon wat in die huwelik wil tree.Hy het verklaar:*”Dit is noodwendig vir God om 3 persone te help, en een van hulle is, die persoon wat in die huwelik wil tree, sodat hy die wette van God mag op pas en nie sonde maak nie.”(Tirmidhi:1655)*

- Jong mense word sterk aangeraai om in die huwelik tree, dit gee hulle stabiliteit in hul lewe en verskaf n wettige uitgang om hul lus te bevredig.



> Wanneer die Qur’ān van die kenmerke en verse van die kinders van Ādam melding maak, noem dit eerstens hoe God rustigheid, liefde, nederigheid en genade tussen man en vrou geplaas het

# 2



## Islām gee elke lid van die familie volle respek ongeag die geslag:

Islām plaas enorme verantwoordelikheid op die skouers van die ouers en hulle rol in die opvoeding en opleiding van hul kinders. Die profeet Mohammed (Vrede op hom) verklaar:*" Die man is die herder van sy familie en is verantwoordelik vir sy kudde. Die vrou is die herder in haar man se huis en is verantwoordelik vir haar kudde. En die dienaar is 'n herder in die rykdom van sy heer en verantwoordelik vir sy kudde. " (Al-Bukḥāri:853)*

# 3

## Islām stres die die beginsel van waardering en respek vir ouers, en om vir hulle te sorg en tot die dood gehoorsaam:

Maak nie saak hoe oud die seun of dogter is nie, hulle moet hul ouers respekteer en eerbiedigheid toon teenoor hulle, en hulle wense moet nagekom word.God bevestig in die Koran:*"God beveel jou om niemand behalwe Hom te aanbid nie en pligsgetroue te wees teenoor jou ouers.As een of albei van hulle bejaardigheid bereik, moet nie eens die klank "oef" uiter aan hulle nie, moet ook nie harde woorde wissel met hulle nie,maar praat met gaafheid." (Al-Isrā:23)*



> Islām verbied optrede teenoor ouers in woorde en in aksie, al is dit net 'n woord van ontevredenheid of om die die verkeerde stemtoon met hulle te gebruik

4

